

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

## Twintig-Agt na Christus

Jaartalle is soos name. Dit onderskei jare van mekaar. Sodanige onderskeid is belangrik. Enersyds help dit 'n mens om gebeure in herinnering te bring en nooit te vergeet nie. 1517 was die begin van die groot kerkreformasie. 1945 was die einde van die bloedige Tweede Wêreldoorlog. Andersyds help jaartalle om sekere gebeure met mekaar in verband te bring. 1618/19 was die tyd toe die Dordtse Sinode gesit het. Vier-en-dertig jaar later, in 1652, het Jan van Riebeeck voet aan die Kaapse wal gesit. Van Riebeeck het die beginsels en rykdom van 'Dordt 1618/19' in Afrika ingedra.

By dit alles help jaartalle om 'n sekere periode af te sluit en 'n nuwe jaar op 'n skoon bladsy te begin.

Op die oomblik beleef ons die eerste dae van die jaar 2008 – Twintig-Agt. In dagblaie word daar dikwels aan die einde van 'n jaar 'n kort oorsig oor die jaar se gebeure gegee. 'n Mens sou dieselfde in *Waarheid en Dwaling* kon doen. Die aandag sou opnuut gevestig kon word op allerhande insidente en voorvalle wat eie is aan Twintig-Sewe. Ekonomies was dit 'n jaar van stygende rentekoerse en inflasie. Polities was dit 'n jaar van vele intriges. Die felle Zuma-Mbeki stryd waarmee

die jaar afgesluit is volg op heelwat gebeure wat die wenkbroue laat lig: politici wat van korrupsie verdink en aangekla word, vooraanstaande leiers wat dronk bestuur (en in ongelukke beland). Maatskaplik was daar vure op vele fronte: loonstakings in die onderwys, munisipale werkers wat vir dae lank geen rommel verwyder het nie, inwoners van sub-ekonomiese huise wat met uitsettings gedreig is. Die dag-tot-dag lewe is getref met talle noodlottige ongelukke, moorde, kapings. Op sportgebied was daar soet en suur: verslaenheid oor verliese; ongekende ekstase oor oorwinnings.

En kerklik? Wat het alles in die lewe van God se kinders gebeur? Waaraan sal Twintig-Sewe onthou word? 'n Vinnige bestek-opname sou 'n mens tot die slotsom kon laat kom dat daar in 'n jaar se tyd nie soveel en so ingrypend op die kerklike terrein plaasgevind het soos byvoorbeeld in die politiek nie. By nader insien verander die prentjie egter. Vir elke gelowige is dit seer seker van belang om vas te stel of daar groei en vooruitgang in die liefde vir God en die diens aan God is. In die kerke moet daar eweneens getoets word of daar aktief en progressief gewerk word aan die koms van God se koninkryk.

In dié verband mag (en moet) die gelowige daaraan vashou dat jare nie net name het nie. Jaartalle het ook 'n van. Al die jaartalle het dieselfde van: na Christus, *Anno Domini*, jaar van die Here. Die van dui op 'n onbreekbare verbintenis. Die jare waaraan die mens name gee, is jare wat die Here in sy wysheid skep en skenk (Prediker 3). Of iemand bely dat Allah sy god is, of Boeddha, of Mammon – dit doen geen afbreuk aan die feit dat God in Christus die Gewer van tyd is nie. Selfs die geharde ateïs moet erken en sê dat Twintig-Sewe aan Twintig-Ses en aan Twintig-Agt verbind is. Dit is ook aan die jaar Nul verbind, toe die Seun van God mens geword het. En aan die jaar Dertig, toe die Christus begin leer en wys het dat die koninkryk van God hier is. En aan die jaar Drie-en-Dertig, toe ons Here dié groot offer op Golgota gebring het om versoening tussen die gevalle mens en die heilige God te bewerk.

Dié wete laat die gelowige met dankbaarheid en respek na jaartalle kyk. Twintig-Sewe is nie maar net nog 'n jaar wat op sy rug lê nie. Dit was 'n jaar waarin die volk van God hulle aktief moes beywer vir die uitdra van die evangelie in alle

### INHOUD

1 Redaksioneel  
**Twintig-Agt na Christus**

2 Skrifoorndenking  
**Wat soek jy? Wat dra jy weg?**  
*Ds HLJ Momberg*

4 Aktueel  
**Holisme (1)**  
*Ds PJ Venter*

6 Kerkerf  
**Kerkeenhed en kerkverband**  
*Ds HLJ Momberg*

10 **Kerk-wees en die 'getuienis oor kerkregtelike dwalinge'**  
*Dr GJ Meijer*

15 Geskiedenis  
**Die begin van die Reformasie**

**'n Oorsig oor Luther se 95 stellingteen die aflat**  
*AT van de Wetering*

17 Persskou  
**Wie is hierdie vreemde God? 'n Nuwe verstaan van God vir 'n nuwe tyd**  
**Vervorm en verfrommel**  
*Dr GJ Meijer*

sektore van die samelewing. So sal dit DV ook in Twintig-Agt wees. Nuwejaarvoornemens het alleen waarde as dit in verband gebring word met die 'van' wat die nuwe jaar dra. Twintig-Agt na Christus dring gelowiges wêreldwyd tot hernude ywer, groei in Godsvrug, uitbreiding van die kerklike lewe, intensivering van Gods-diens.

Daarmee saam sal die nuwe jaar hernude en feller aanslae van Christus

se groot vyand oplewer. Die Antichris doen alles in sy vermoë om die getroue navolginge van die Here Jesus Christus te vervolg en dood te maak (Openbaring 12). Die mees eenvoudige manier om die Christen stelselmatig van die Christus los te maak is om die Christus oral te verswyg en dood te praat. In daardie geval word Twintig-Agt na Christus 'n naam sonder 'n van: net Twintig-Agt. Teenoor die antichristelike

propaganda van 'n Christus-lose samelewing het gelowiges die roeping om op elke sentimeter van ons bestaan die lewende Christus te bely en te (be)dien.

Die 'Hef aan' lê voor: in die kerke, maar ook in die politiek en in die maatskaplike lewe met al sy vertakkinge. Laat dit bevind word dat ons ons 'van' waardig is!

GJM

## SKRIFOORDENKING

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

# Wat soek jy? Wat dra jy weg?

### Lees: Psalm 24

**Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil. Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek – dit is Jakob.**

Daar is twee vrae wat 'n mens sy hele lewe lank kan besig hou. Die een is: Wat soek jy? Kyk maar oral om ons. Mense wat wemel, elkeen op 'n missie in die wêreld. Hulle wil lewe en hulle wil strew. Oral duik hierdie tipiese en dikwels tragiese verskynsels daaglik op. Voor die een se deur staan daar 'n verslete bedelaar. Voor die ander een kom 'n pasiënt of 'n kliënt aan die ander kant van die lessenaar te lande. Nog 'n ander een word iewers uit die bloute gebel. Op Sondag sit ons almal, ten aanskoue van die wêreld daar buite, in 'n erediens. Hulle vra in hulle gedagtes, en elkeen van ons word ook met die vraag gekonfronteer: Wat soek jy? Dit is die een vraag.

Maar vir elkeen aan wie hierdie soekvraag gevra word, geld ook 'n tweede vraag waarmee ons ons hele leeftyd moet besig hou: Wat dra jy daar weg? Daar waar jy jou mee besig hou, daar waar jy jou soektog na vreugde loods, wat dra jy daar weg? Dit is presies hierdie twee vrae wat in Psalm 24 met ewigheidskrag beantwoord word: 'Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy

heil. Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek – dit is Jakob. Sela' (verse 5 en 6).

### Almagtige God

Die digter bewonder die oppermag, die almag van God en gee sy redes daarvoor.

Alles hier, die ekumene, die bewoonde wêreld behoort aan Hom wat dit geskep het. Dit is presies anders as wat mense normaalweg dink. In die bewoonde wêreld glo almal dat alles aan óns behoort; tree almal op asof ons self alle mag in pag het – so absoluut in die greep van die duiwel wat die mens wil laat glo dat hy self soos God kan wees. Hulle leer dat alles uit hulleself ontwikkel het, en dat die bestaan van die dinge berus op die beginsel dat net die sterkste sal oorleef. Hiermee word die politiek en die ekonomie beheer. Hiermee word miljoene mense met hulle tegnologiese betower. 'n Mensheid wat hulle eie gekkeparadys in stand hou in die waan dat die wêreld aan ons behoort en wat ons met ons mag moet inpalm. Dit is stellig 'n tragiese dwaalleer. Die waarheid is dat alles aan die Een behoort wat dit gemaak het.

Hy het daaraan hulle bestaan gegee. Gevorm uit die waters. So rus alles van die ganse Bybel telkens weer solied op die betroubaarheid van die openbaring oor die begin van alles. Nooit enige sweempie van gewoon menslike spekulasie –

mites van antieke volkere – nie.

Die hele Bybel gryp belydend vas aan die skeppingsopenbaring: 'En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters' (Genesis 1:2).

Petrus kom waarskuwend hierop terug: 'Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God, waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het' (2 Petrus 3:5 en 6).

Dit is hierdie skepping wat elke dag deel is van ons daaglikse bestaan. Ons eet ons brood daaruit. Ons doen navorsing daarop. Maar ons het dit so ontvang. Van die kleinste voorwerpies wat met elektronmikroskope ondersoek moet word, tot die grootstes en verstes wat met die Hubble-teleskoop bekyk word, en nog verder weg – die werk van God se skeppingswoord en elkeen op sy plekkie georden met God se voorvinger (Psalm 8).

Hieruit moet ons besef hoe onaan-tasbaar hoog verhewe Hy is. Ons mag nooit klein oor Hom dink nie.

### Coram Deo

Dan kom die vraag by die digter op; 'n vraag wat voorheen in die geskiedenis dikwels aan die orde

gekom het. Wie mag in God se teenwoordigheid verskyn? Ons dink aan sy Majesteitsopenbaring by Sinai. Moses was bevoorreg om as bemiddelaar op die berg te gaan, en tog kon hy steeds nie God se aangesig sien nie. Die HERE se waarskuwings het duidelik verorden: niemand mag selfs die voet van die berg aanraak nie. Hoekom nie?

By die volk was die teenwoordigheid van die HERE vir eeue daarna voorgestel met die allerheiligste agter die voorhangsel. Die eintlike projeksie is die hemelse troongewelf. Niemand mag daar ingaan nie. Hoekom nie?

Die vereiste van so iemand: Hy moet volmaak heilig wees! Soektog onder ons mense. Niemand nie, selfs nie een nie! Maak dit jou nie moedeloos nie? Is die soeke na sy teenwoordigheid dan nie eindelijk blote wensdenkery nie? Waarom is dit nou juis so begeerlik om ons oë af te wend van die verganklikheid wat ons omring en soekend op God se teenwoordigheid te rig?

Dit is omdat daar volgens Psalm 24 'n belofte saamgaan. Hy sal seën wegdra van die HERE. Seën is 'n baie spesiale woord in die Bybel. In Hebreeus is dit *jasha*, verlossing. Dit is evangelietaal. Van hierdie woord het Jesus sy Naam gekry. Hy is die Een wat die hoogste seën vir ons bewerk het, wat aan hierdie hoë eise voldoen het, wat ná sy sielsoffer in die smarte van die hel daar kon ingaan en die verlossingseën van die HERE vir ons daar kon wegdra.

Kyk na die volk van God wat op die groot versoendag by die tempelgewelf vergader. Kyk dan ook na die hoëpriester wat agter die voorhangsel uitkom met die seën van sondevergifenis om die afwagtende skares daarmee te seën. Kyk in dit alles na Jesus wat eenmaal daar ingegaan het. Sedert sy ingang is die allerheiligste weer toeganklik. In Hom het ons die vrymoedigheid gekry om daar in te gaan (Hebreeërs 10).

## Toegang beperk

Wie verkry daardie toegang? Dié wat die groot vraag verstaan. Dié by wie daar die aktiewe Messiasverwachting leef. Die ewige

lewensvraag? Die hoogste sinvraag! Die saad van hulle wat na Hom vra. Die geslag van die vrou wat uit die groot moederbelofte leef; wat vra om die vervulling daarvan. Hulle wat die mens se stryd en moeite in sy regte konteks verstaan, en soek na die aangesig van die HERE.

Vir die mensheid is dit 'n moeilike ding om te doen! Kyk rondom jou. Wat beskou die mense nou eintlik as sinryk? Wat beskou hulle as betekenisvol? En dit, terwyl daar vir ons eintlik net een saak is wat werklik seënryk is: om voor die aangesig van God te mag leef.

In Psalm 24 vind ons 'n baie spesiale verwysing na die kerk – Jakob! Met 'n *sela*-verposing. Die digter (Digter!) wil hê ons moet verder hieroor nadink. Jakob – nog nie heeltemal soos in Israel nie, maar soos in Jakob voor sy ervaring by die Jabbok; voor sy worsteling met die Engel van die HERE.

Toe al het hy hierdie gesig in 'n droom gesien; die hemelgewelf wat oopgaan by Bet-el. Self was hy nie daarvoor geskik nie, want in homself is hy steeds Jakob – hakskeengryper. Hy het glad nie voldoen aan die eis van vers 4 nie, want in sy optrede het hy elke frase daarvan oortree. Hoe kan hy dan tog die aangewese een wees wat die seën gaan wegdra? Ons moet steeds verder dink, deurdink, gelowig peinsend, soekend.

Dit het juis daar by die Jabbok gebeur toe Hy met God geworstel het – 'n hewige geveg wat in daardie nag gevoer is. Eindelijk, voor dagbreek het die Engel van die HERE Jakob op sy heup geslaan en hom daardeur buite aksie gestel. Daar was net een ding oor, en dit was die geloofsvasgrype! Sy enigste lewensanker was om in sy mankheid en onbeholpenheid die HERE aan te gryp. Jakob roep dit uit: ek sal U nie los nie tensy U my seën. So pleitvra die mens wat sy ongeregtigheid ken. So soek die mens, wat sy ellende ken, na die aangesig van God. Hy word gedwing om te bely wat sy eie naam is. Ek is Jakob, ek is in alle opsigte onwaardig, hakskeengryper.

Dan ontvang hy ook die seën

van die HERE. Vir jou sal die oorwinning van die HERE waar word. Van nou af is jy Israel! Jy en almal uit jou wat soos jy glo word erfgename van die genade. Kanaän is jou erfenis. So dra Jakob vir die res van sy lewe daardie aaklige litteken van die mankgeslaande heupbeen. 'n Doring in die vlees, en tog ook 'n heerlike herinnering aan die seën van die HERE. Juis hy moet op sy oudag biddend op die knop van sy kiere leun wanneer hy die seën van die HERE aan sy kinders oorgee (Hebreeërs 11). Daar sien hy dit ook toe Juda voor hom verskyn – Juda, jy is dit! Die leeu uit die stam van Juda; van jou sal die septer nie wyk nie totdat Silo kom. In sy gryse ouderdom sien Jakob deur die newels van die geskiedenis heen: deur Juda kom daar 'n helder lig op. Die Erekening van alle eeue – Hy is die aller-antwoord! Hy kan vir ons op die berg van die HERE verskyn. Hy kan vir ons die verlossingseën verkry. Die Regverdigte, die Heilige, die een wat die slang se kop vermorsel.

## Gaan staan!

Psalm 24, in Christus vervul, dwing tot stilstand. Sommige stop by al daardie dinge waarvan ons so maklik dink dat dit ons s'n is, dat ons daarvoor beskik. Dit is gewoon nie waar nie! Ander weer kom tot stilstand in hulle sielsangs en dink na oor die dinge waarna 'n mens so mis-gryp asof dit jou toekom. Dit is gewoon nie waar nie! Draai eers weer jou soektog om – vra na die HERE. Hy lê beslag op jou. Soek sy aangesig. Wees die ware Israel wat Hy in Christus van ons gemaak het. Erfgename van sy nuwe skepping.

Dan breek die soekende gees van die gelowige uit in 'n loflied: aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! U is waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.

Wat soek jy? Die aangesig van die HERE!

Wat dra jy weg? Die seën van die HERE!

# Holisme (1)

Holisme as lewensbeskouing is al lank met ons. Sy uitvloeisels kan deur die verloop van die vorige eeu tot vandag toe herken word. Drie artikels word hieraan gewy. In hierdie eerste artikel word aandag gegee aan die oorsprong daarvan, terwyl die ander twee artikels sal ingaan op die invloed van holisme op kerklike terrein.

## Waarvandaan?

Paul Kruger is in 1904 oorlede, 'n bietjie langer as 'n eeu gelede. Ongeveer in daardie tyd het die pad van holisme in Suid-Afrika al duideliker spore begin trap. Dit was nie die Dopper-spore van Paul Kruger nie. Veel eerder die spore van generaal Louis Botha en van generaal Jannie (JC) Smuts.

## Wat is holisme?

Holisme kom van die Griekse woord *holos*. Dit dui op die geheel van dinge: die geheel van die lewe, die geheel van die wêreld, die geheel van die mensdom. Alles moet inbeweeg en saamtrek tot 'n geheel, want dan eers kan daar groter sin en betekenis in die lewe wees. Vir JC Smuts het dit wye en wonderlike betekenis gehad. Sy lewe is met sekere beperkinge sterk deur hierdie lewensfilosofie gekenmerk. In 1911 is hy al hierdeur beïndruk en het hy sy eerste filosofiese werk hieroor geskryf. Hy noem dit *An Inquiry into the Whole*.

In sy denke is Smuts veral deur die filosofie van Immanuel Kant (1724-1804) beïnvloed. Smuts word daaraan onthou dat hy in sy rugsak altyd twee boeke byderhand gehad het: die Nuwe Testament (die Griekse Nuwe Testament, want dit is hoe hy sy Bybel gelees het) en Kant se boek *Critique of Pure Reason*.

'n Groot deel van Kant se filosofie wentel rondom die tema van vryheid. Vir Immanuel Kant was daar in sy *Critique of Pure Reason* veral drie vrae waarmee hy geworstel het. *What can I know?*,

*What should I do?* en *What may I hope for?* Met 'n idealistiese uitgangspunt het Kant geglo dat jou menslike rede so vry kan wees dat, wanneer jy in jou lewe met die proses van oorsaak en gevolg gekonfronteer word, jou waarneembaar analitiese vermoëns nie ingeperk behoort te wees net tot dit wat die self-bewysbare jou wil wysmaak nie. Jy moet kan kom tot 'n sintese-beredenering. Hierdie sintese-kennis (kennis saamgestel uit 'n klomp gehele) word nie net deur die empiries-waarneembare verkry nie. Kant het 'n groot saak begin uitmaak vir *a-priori* waarheid – wat 'n nuwe (van vooraf) waarheid daarstel. Die waarheid moet juis vanuit die geheel opgebou word, en is nie maar net saamgestel rondom die sintuiglike waarneembare met die oorsaak-gevolg beperkinge nie. Die algeheel nuwe vryheid soos uit die geheel saamgestel, maak die algeheel nuwe waarheid moontlik. So min soos wat jou wil in alles gebonde kan wees, so min kan die waarheid uit die staanspoor 'n gebonde waarheid wees. Vryheid is vir Kant 'n ryk saak. Hy praat van outonome vryheid, en selfs dat vryheid transendentiaal kan wees.

## Smuts se *Holism and Evolution*

In 1926 het Smuts dit waarmee hy al vanaf 1911 worstel, tot sy grootste filosofiese werk ooit omskep. Hyself wou dit nie as filosofie erken nie, maar vir doeleindes van die artikels is dit nodig om aan die 'filosofie' daarin te aandag te gee. Smuts noem hierdie dik boek van hom (my uitgawe het 345 bladsye) *Holism and Evolution*. Dit bestaan uit 12 hoofstukke en beklemtoon die altyddurende noodsaak tot sintese-denke. Smuts waarsku dat 'n mens in die ontsaglike vooruitgang van denke en menslike ontwikkeling (ewolusie?) verlore

kan raak as jy nie voortdurend die groter uitsig oor die geheel van die massa verkry nie.

Smuts se denke was in hierdie opsig eintlik heeltemal die teenoorgestelde van die filosofie wat Kuyper, Dooyeweerd en Stoker in daardie tyd uitgedra het. Laasgenoemde drie met hulle uitgangspunt van 'soewereiniteit in eie kring', wou eerder die geheel na 'kringe' terugbring. Die wysbegeerte van die wetsidee wil oortuig dat dit nie die geheel is wat soveel saak maak nie, solank daardie geheel in die gedeeltelike opgebreek of 'indekseer' kan word. Waar Smuts uitgaan van een groot 'Geheel', is die filosofie van Kuyper en die ander veeleer 'n ontkenning van dit wat so een groot 'Geheel' sou kon wees. Volgens hulle is daar eintlik baie 'gehele' wat elk in eie kring selfstandig soewerein moet wees. As hierdie kringe (verbande/gehele) langs mekaar te staan kom, geld in elk die woorde van Kuyper 'dat geen duimbreedte van die samelewing aan die heerskappy van Christus onttrek mag word nie, en dat daar geen terrein (lees ook: geen geheel) op aarde so soewerein kan wees dat Christus nie ook daarvoor seggenskap sou kon uitvoer nie'.

Daarenteen sal die pyn van die lewe en selfs die puin van die wêreld volgens Smuts alleen opgeklar kan word as die 'Geheel' beter gedien word. Smuts het van Kant daarin verskil dat Kant geglo het dat alleen 'die Opperwese die vermoë van intellektuele intuïsie besit'. Hierteenoor het Smuts geglo dat elke normale menslike wese iets van 'n spontane intuïtiewe begrip ontvang het, wat so diep gewortel is dat in die gewone ervaring van die mens dit net sowel die gesonde verstand genoem kan word. Hierdie intuïsie gee die vermoë wat elke normale mens behoort te hê, selfs die nederigste van God se denkende skepsels, om 'n glimps van die geheel te deel. Smuts het holisme gesien as 'n kosmiese

proses wat van die anorganiese en organiese moet strek en tot by die intellektuele van die mens moet vorder om die mens van kwaad en pyn te bevry en dit te laat vermy. Die groter sinopsis (insig en oorsig) oor die geheel van die massa moet verkry word, want dan alleen kan vorentoe beweeg word en verbetering kom. Dit is wat ewolusionisme in wese bedoel om te wees. Daarsonder, het Smuts geglo, het jy geen sleutel om jou eie verwarring (en verbystering!) mee uit te sluit nie.

### **'Holisme-son' gaan skielik onder**

In 1948 het Smuts se 'holisme-son' egter skielik begin ondergaan toe hy teen alle verwagtinge in sy laaste verkiesing verloor. Die nuwe premier, DF Malan (1874-1959) het in sy studentetyd met 'n bejaarde Paul Kruger in Europa kennis gemaak. Malan het ook meermale in Duitsland die vroeëre Vrystaatse president MT Steyn besoek. Waar Smuts in sy latere ontwikkeling (ewolusionisme?) die teenpool van hierdie eertydse leiers sou vorm – iets wat vir hom swaar sou wees om self te erken – het Malan veel eerder 'n verlengstuk geword om Kruger en Steyn se denke rondom Afrikaner-eenheid en die Afrikanerkultuur as bolwerk in die middel van die vorige eeu verder te dra. Malan se denke sou gestalte gee aan matige apartheid. In later jare – onder leiding van Verwoerd, Vorster en Botha – word 'matige apartheid' ongebalanseerd, en begin dit handuit ruk.

In die laaste apartheidjare het, ironies genoeg, die holisme-son weer skielik opgekom. 'n Nuwe Suid-Afrika verskyn op die toneel. In werklikheid was dit die stadige opkoms van Smuts se ou holisme-son.

### **Smuts en FW de Klerk**

Om 'n analogie tussen Smuts en De Klerk te sien, moet meer wees as net om politieke 'gevat' te wil wees. Dat dit twee mense is wat hande sou kon vat is reeds deur Piet Beukes<sup>1</sup> in 1994 raakgesien. Opsommend sou gesê kon word dat Smuts in sy sterfjaar in 1950

al vrede sou kon hê met 'n groot deel van die nuwe Suid-Afrika-denke. Al het Smuts segregasie ('n vorm van apartheid) voorgestaan, is dit eintlik maar net 'n geval van konsekwent eerlik-wees dat hy die een sou moes wees om die eerste pennestrep deur apartheid te moes trek. Hy het dit egter nie kon doen nie.

Om Smuts en De Klerk analogies langs mekaar te plaas gee baie lig, ook wat ontwikkeling van kerklike denke betref. Die holisme wat by Smuts so deurslaggewend sou werk, het weens sy aanvanklike verbintenis met Kruger nie staatkundig ten volle tot uiting kon kom nie. Met De Klerk was dit anders. Die remming was die invloed van Kruger se konserwatisme, met die betekenis dat konserwatief juis nie noodwendig party-polities ingebind word nie, maar eerder draai om die Latynse betekenis daarvan: *conservans* of *conservatio*, om te wil bewaar, te wil in stand hou, dinge in ag te wil neem. Dit dui op inperking van vryheid. *Conservatio* is nie om geheel en al 'vry' die dele na die geheel te wil neem nie, maar eerder jou vryheid in die geheel te beperk. Die inperking is van so 'n aard dat die geheel in dele gesien word.

Die groot verandering en ommekeer in Smuts se lewe was dat hy, seer sekerlik ook deur generaal Louis Botha se ondersteuning en medewerking, meer geglo het om dele eerder vrylik in die groot Geheel op te neem. 'n Mens sou wat wou gee om Kruger in 1926 ook met Smuts te laat gesels.

Die konserwatiewe begin waarmee Smuts met Kruger verbind word, geld soortgelyk vir De Klerk. De Klerk se Doppe-familie kan alreeds vanaf sy oupa, sy pa, en selfs sy oom, aan die Kruger-kant van denke, gestel word. Sy oupa, ds Willem de Klerk, predikant van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, het in die rebellie-jare sterk politieke winde moes 'sluk' en teëwerk, juis oor sy eie politieke aspirasies en openlike assosiering met die rebelle van 1914. Kerklik het dit landwyd groot verdeeldheid gesaai, ook in die gemeente waar hy predikant was.

Hierdie ds De Klerk van die begin van die vorige eeu het in sy seun, die latere senator Jan de Klerk (FW se pa) iemand gevind wat wel politieke die Nasionalisme van DF Malan sou bystaan. Die kring strek nog wyer, want nie net ds De Klerk se seun lewer 'n beduidende bydrae in die politiek nie. Sy skoonseun, advokaat JG Strijdom, word een van die bestendigste leiers in daardie era – al was hy nie DF Malan se eerste keuse vir premier nie<sup>2</sup>.

Die republikeinse strewe het in Strijdom nuwe vuur gevind. Hy het sy swaer nie in die politiek vergeet nie. Jan de Klerk het in dié tyd die belangrike portefeulje van die minister van arbeid gehad. So konserwatief soos wat Smuts se verbintenis aan Kruger mag wees, so seker het FW de Klerk aanvanklik die konserwatiewe ideale en strewe van hierdie naby-familie van hom gedeel. Maar dit wat die multikulturele Suid-Afrika al hoe harder geslaan het, het gemaak dat die ou holisme-son van Smuts nie maar net 'n paar strale agter ou wolke laat deurbreek het nie. Dit was eerder 'n nuwe sonsopkoms vir holisme!

### **Holisme in ons moderne tyd**

In wese kan holisme nie verander nie. Wêreldwyd het dit sterker veranker geraak. In ons land sal baie die holisme-pad as onomkeerbaar beskou. So het FW de Klerk se veranderde politiek dit as onomkeerbaar getipeer. Die groot ankers waarmee holisme in ons tyd vasgemaak is, is stewig gegiet. Suid-Afrika se Handves van Menseregte en dit wat Suid-Afrika vandag as regstaat voor kerk en wêreld laat bekend staan, is dinge wat menslik gesproke nie maklik gaan verander nie.

1 Piet Beukes het die laaste twaalf jaar van Smuts se lewe baie nou met hom saamgewerk, beginnende as assistent-direkteur vir die Inligtingsburo gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Beukes was politieke analis en kommentator. Hy was hoofredakteur van drie koerante wat Smuts se denke gedien het. Later het Beukes Smuts se lewe in drie fases gedeel, naamlik The romantic Smuts, The Religious Smuts en Smuts the Botanist. Hierdie trilogie is egter geskryf nadat óók Beukes besef het dat dit, om Smuts te verstaan, oor sy holisme gaan. Sy eerste werk oor Smuts was *The Holistic Smuts*.

2 Malan sou eerder NC (Klasie) Havenga as premier verkies het.

## KERKERF

*Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel het op 10 November 2007 'n toeroerustingsgeleentheid gehou waartydens op die saak van kerk, kerkverband en kerk-wees gefokus is. Daar is met name ingegaan op die dokument 'Handhawing van die suiwere leer teen kerkregtelike dwalinge', wat deur professore A le R du Plooy en JM Vorster na die kerke uitgestuur is. Die doel met die geleentheid was om gelowiges te bemagtig om sake vir hulleself uit te maak en waar nodig die kerklike weg te bewandel. Die twee referate wat voorgehou is, word in verkorte vorm gepubliseer. Die volledige referate sal DV binnekort in 'n brosjurevorm en op die webwerf van die VGL beskikbaar gestel word.*

# Kerkeenheid en kerkverband

Ds HJ Momberg, Pretoria – Die Kandelaar

In die ekumeniese belydenis- geskrifte, met name die *Apostolicum*, bely christene 'n heilige algemene christelike kerk en daarmee saam die gemeenskap van die heiliges. Dit was bedoel om in alle eenvoud die Skrif na te spreek, soos Paulus aan die Efesiërs leer. Dit is een liggaam en een Gees ... en ons word geroep om dié eenheid van die Gees met alle ywer te bewaar (Efesiërs 4). Die vraag is nou hoe ons die eenheid van die een kerk van alle eeue moet verstaan en hoe ons hierdie eenheid moet bewaar.

## Aktualiteit

Diskussies in kerklike tydskrifte, opmerkings by meerdere vergaderings en selfs openbare skrywes van sekere kerkregkundiges en hulle adviese aan kerke, vertoon kenmerke van die tipiese aangenome praktyk van die NG Kerk se moderature om na afloop van hulle sinodes 'n rits interpretasies van die sinodebesluite uit te vaardig wat in verstaanbare taal vir die kerkvolk moet verduidelik hoe die sinode se besluite uitgevoer moet word. Deur die besluite wat sinodes geneem het, en die wyse waarop dit verder nader verklaar en implementeer word, kom uitdrukkings na vore wat getuig van 'n verwronge kerkbegrip wat die bestaande verwarring oor kerk-wees vergroot.

In 'n profiel-artikel in *Die Kerkblad* van Oktober 2007, waar die redakteur met prof Theron van Stellenbosch in gesprek is, word

die volgende vraag gestel: 'Hoe sien jy die verhouding tussen die NGK-familie en die GKSA-familie? (Ek verwys na "familie", omdat die GKSA tans die samestelling van een algemene/nasionale sinode afrond en die NGK-familie op weg is na groter eenheid)'.  
In 'n huldigingsbundel ter gedagtenis aan prof GPL van der Linde beskryf prof B Spoelstra dat nie alleen van die vier verskillende kerkverbande (meervoud) binne die NG Kerk gepraat word nie, met groter strukture, kleiner strukture en etniese strukture met verskillende struktuurname, maar ook dat daar in die GKSA eens 'n reëling van 'nasionale kerkverbande' aanvaar is waarvolgens die gelowiges hulleself tot op nasionale vlak moet organiseer (Spoelstra, p 39).

In die afgelope maande het kerke 'n brief van die Artikel 48-deputate ontvang. Die inleiding van die brief van die deputate aan kerke (gedateer 22 Februarie 2007) lui: 'Soos u reeds bewus behoort te wees is daar deputate vanweë die Nasionale Sinode (Potchefstroom – GKSA) besig om kragtens Artikel 48 KO te werk aan die (her)indeling van klassies noudat Sinode Middellande ook besluit het om deel van 'n groter kerklike struktuur van Gereformeerde Kerke te word (Sien Handeling van Nasionale Sinode 2006 bladsy 394 en 395 vir voorgestelde indeling)'.  
Verder ontvang kerke in November 2007 via die openbare media 'n professorale getuienis wat van die GKSA praat asof die

kerkegemeenskap 'n kerkstruktuur is wat in sekere strukture ge(her)-organiseer word. Hierin word die dreigement uitgespreek dat sekere kerke die vermoë sou kon hê om anders of hulleself uit die kerkverband te stel. Voorts word in die professorale getuienis van 'n nuwe of ander kerkverband binne of naas die GKSA gepraat; ook van nuwe eenhede wat geskep word. In ander soortgelyke geskrifte aan predikante, kerke, klassisse en Partikuliere Sinodes is selfs die maning/beskuldiging dat sekere kerke of predikante (gelowiges wat deur hulle getuienis slegs in die gereformeerde godsdiens van die vadere wat ooreenkomstig die belydenis is wil bly), blykbaar besig is om die kerk(verband) te skeur. 'n Mens kan nie anders nie as om met verstomming te wonder na watter soort verskynsel hier verwys word – uitdrukkings waarvan ons in die Skrif, in die belydenis en in die Dordtse Kerkorde nie een enkele woord hoor nie.

In hierdie skrywes funksioneer kerk-wees as 'n sinoniem met kerkverband, wat verstaan moet word as 'n groter kerkstruktuur bestaande uit verskillende kerke. Die vastigheid van die struktuur lê in hulle onderlinge afspraak by hulle meerdere vergaderings. Telkens beroep skrywers hul op die onderlinge afspraak – met verwysing na artikel 31 KO – maar sonder uitsondering, met afwesigheid van behoorlike verantwoordings van die voorwaardelike klousule daarvan.

Meerdere vergaderings se besluite moet volgens die interpretasie as bindend geneem word totdat dieselfde meerdere vergaderings sou erken dat die bewyse wat teen hulle besluite ingebring is, geldig is en hulle besluite verander.

In hierdie verband is dit treffend dat hierdie siening presies ooreenstem met die kerkwet wat Koning Willem in 1816 in Nederland ingevoer het (kyk veral art 6 van sy kerkwet) toe hy die Dordtse Kerkorde van die tafel gehaal het; dieselfde kerkwet wat Jansens en De Mist ook in Suid-Afrika ingevoer het, en wat bekend staan as die kollegialistiese kerkregering.

Daarom is dit noodsaaklik dat oor hierdie verdraaiende begripsvorming besin word.

## Vertrekpunt

Ons moet die Skrif as ons vertrekpunt neem soos wat dit saamgevat word in NGB, artikels 27-32 en daarmee saam die HK, veral Sondag 21, omdat dit die Skrif betroubaar naspreek.

Die NGB handel tot by artikel 26 uitvoerig oor hoe die drie-enige God te werk gaan om ons in Christus salig te maak. Daarna word behandel wat God doen met die mense wat Hy salig gemaak het: Hy maak hulle sy kerk. In artikels 27-32 kom die belydenis na vore dat God die mense wat Hy salig gemaak het nie op hulle eie los om as salige eenlinge verder te leef nie, maar dat Hy hulle vergader en afsonder om sy kerk te vorm (artikel 27). Die suiwer Woordverkondiging werk by uitverkorenes die ware geloof, en dit maak van hulle die een heilige algemene Christelike kerk wat God alleen in sy totaliteit kan sien, maar wat ons slegs sien waar hulle saamkom en waar hulle leef en werk (Calvyn, Institusie 4.1). Daarby kom dat Hy hulle in gehoorsaamheid aan Hom roep en beskerm (artikels 28, 29), en dat Hy hulle as 'n ordelike gemeenskap onderhou (artikels 30-32).

## Stelling 1

*Die Kerk is die één versameling van God se mense*

Die Bybel praat van die kerk as die heilige vergadering van verlostes in die eenheid van die ware geloof in God drie-enig (Efesiërs 1-4). Hierdie vergadering is daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot op die laaste dag (vergelyk Hebreërs 11) en is saamgestel uit mense van alle tale, kulture en stande (Openbaring 7:9).

Dit het God behaag om hierdie mense regoor die wêreld en deur die eeue heen op alle moontlike plekke binne hulle natuurlike assosiasiebande in onderlinge byeenkomste te laat saamkom (Titus 1:5; 1 Petrus 1:1) asook te laat saamwerk in hulle self-instandhouding/opbou (Efesiërs 4:16) en in die verbreiding van die evangelie (1 Tessalonisense 1:3-10).

Die Bybel praat op twee maniere van die kerk van die Here:

- As die onoorsienbare totaliteit van die getal van sy uitverkorenes, hoofsaaklik eskatologies geprojekteer – saam verenig voor sy troon in die hemele (Openbaring 7:9; 13:8; 17:8).
- As die vergadering waar hierdie onoorsienbare kerk plaaslik deur hulle samekomste en hulle samewerking sigbaar word (sien byvoorbeeld 1 Korintiërs 1:1, 2).

So word dan ook enersyds gepraat van *die* kerk as die universele kerk en van 'n kerk as die 'plaas'-like kerk van Christus, merendeels benoem in terme van hulle natuurlike assosiasieband, byvoorbeeld 'die heiligtes wat in Éfese is', en 'die gelowiges in Christus Jesus'.

Uit verskeie Nuwe-Testamentiese gedeeltes is dit duidelik dat verskillende gemeentes skakeling met mekaar onderhou het in sake van gemeenskaplike belang of in sake waar een gemeente nie alleen 'n besluit kan neem nie. Die skakeling of kerkegemeenskap het al in die tyd van die samestelling van die Nuwe-Testamentiese geskrifte op verskillende maniere tot uitdrukking gekom, byvoorbeeld die hou van 'n gemeenskaplike vergadering (Handelinge 15), die rondstuur van die apostels se briewe na mekaar, die deelname aan die insameling van geld vir

die vervolgte gemeente van Jerusalem. Die rede hiervoor was dat almal bewustelik onder die een koningskap van die Here Jesus Christus gestaan het (Matteus 28).

Presies dit is die agenda van hierdie gemeenskap: gehoorsaamheid aan die Woord van die Here. Dit is die band wat hulle met mekaar het, en wat hulle met mekaar beleef: een koningskap. Dit is ook die één voorskrif vir die werkswyse van hierdie gemeenskap: gehoorsame soeke na die Woord van die Here. Daarin alléén rus ook die voorwaardelike gesag van sodanige gemeenskap: die gemeenskaplike gehoorsaamheid aan die Woord van ons enigste Koning.

In die Nuwe-Testamentiese tyd was daar nooit aan hierdie gemeenskapsbeleving van die kerke soseer 'n struktuur naam gegee nie. Dit beteken dat dit nêrens een of ander interafhanklike struktuur aangeneem het nie. Kerkverband in die sin van 'n genootskap of 'n vereniging met 'n gemeenskaplike topstruktuur of hoogste vergadering, naas moontlike ander soortgelykes in een land soos ons dit deesdae ken, is geheel Skrifvreemd. Die Bybel leer: ons is in die een Koninkryk van Jesus Christus; ons moet gehoorsaam wees aan hierdie een Koning. Dit is ook die taal van NGB artikel 27: 'Christus is 'n ewige Koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie'. Kerkeenheid sien jy nie waar kerke struktureel aan mekaar vasklou nie, maar waar hulle in Jesus Christus bly en aan sy Woord vasklou (Johannes 15) en mekaar daarvoor aanspreeklik hou.

Die enigste manier waarop daar oor die kerk as 'n volhoubare organisme wat ook 'struktuur' het gepraat mag word, is wanneer oor die plaaslike gemeente gepraat word, aangewys as die gelowiges saam met die ouderlinge en die diakens en haar verhouding tot Christus (Filippense 1:1). Die struktuur van die plaaslike gemeente word in die Bybel deur 'n ryke verskeidenheid van assosiatiewe beelde verduidelik: die lote van die Wingerdstok, die gebou van God – gebou uit die Hoeksteen (Christus) en op die fundamente wat die apostels



en profete gelê het, die bruid van Christus, die liggaam van Christus, die saailand, ensovoorts. Uit al hierdie beelde kom daar deurentyd iets van 'n strukturele asook 'n funksionele karakter van kerk-wees na vore. Dit moet weereens benadruk word dat dit uitsluitlik geldig is vir die plaaslike gemeente aan wie God volgens Efesiërs 4 allerlei ampsdraers gegee het om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbou van die liggaam.

As ons hierdie bekende kerkregtelike en kerkhistoriese term 'kerkverband' nie in sy regte konteks aanwend nie, het ons as kerke onderling met 'n enorme misverstand te doen. Waarskynlik is dit deel van die rede waarom daar verskillende verwagtingsraamwerke getrek word. Kerkverband is nie hoe kerke struktureel aan mekaar gebind is nie, maar hoe hulle elkeen afsonderlik en almal tesame aan Christus verbind is.

Egte kerkverband is 'n Goddelike geskenk. Dit berus in sy ewige uitverkiesing en vind voltooiing en verheerliking in die eskatologie. Dit is dus 'n geskenk van eenheid in die saligheid deur die geloof waardeur elke gemeente selfstandig aan Christus as Hoof verbind is. As resultaat van hulle band met Christus herken hulle mekaar as ware kerke en beoefen kerklike gemeenskap met mekaar. Egte kerkverband is die kerklike verbreding van die gemeenskap van die gelowiges soos dit bely word in HK Sondag 21. Dit is 'n gemeenskap wat slegs in hulle gemeenskaplike gemeenskap met Christus eg is.

Volgens die Skrif is die verskynsel van 'n kerkegemeenskap wat berus op kerke se gemeenskaplike gehoorsaamheid aan ons een Hoof, Christus, nie alleen 'n heerlike skeppingswerklikheid van God wat ons bely nie, maar die erkenning van hierdie werklikheid het konsekwensies (NGB, artikels 27-32):

Die eerste konsekwensie is in artikel 27 geleë: Die bestaan van 'n gemeenskapsband van kerke is nie ons mense se kragwerk nie, maar is 'n gawe van Bo, 'n gawe van die Gees.

Dit is nie iets wat ons moet bewerk

nie. Ook al het ons die roeping om hulle deur evangelieverkondiging te gaan vergader, is dit steeds nie ons wat dit bewerk nie (Handelinge 2:47; 5:14; 11:24). Ons roeping en taak is om die band van eenheid en vrede wat die Gees gegee het met alle ywer te bewaar (Efesiërs 4:3). Dit is nie die band van eenheid en vrede wat ons in 'n sinode skep nie. Die band wat bind is die band wat sê: So het die Gees gespreek deur die Woord van God. Die bindende gesag rus nie daarin dat ons in een kerkverband so en so afgespreek het nie, maar dat ons onder een koningskap is en na een Koning se Woord luister. Ook al sien ons in Openbaring 2 en 3 nie hoe die verskillende gemeentes van Klein-Asië aan mekaar vasklou nie, sien ons wel dat hulle gemeenskaplik in Christus verenig is. Die gemeenskap van die kerke van Christus word in die hemel bepaal – nie hier op die aarde nie! Nie ons besluite met meerderheid van stem het in die minste enige gesag nie. Mense se uitsprake kan as sodanig nooit die geldende reg van Jesus Christus wees nie! Daarom is mense se uitsprake, hoe heilig hulle ook al mag wees, altyd aan toetsing onderworpe (NGB, artikel 7). Die enigste gesag is die gemeenskaplike gesag van die Here Jesus Christus se Woord. Wat ook al daarmee stry is ongeldig, ongeag hoe groot die vergadering is wat dit besluit het. Dit is Christus wat sy kerk vanuit Sion regeer, deur sy Gees, die suiwer verkondiging van sy Woord, die suiwer bediening van sy sakramente soos Hy dit beveel het, en die suiwer toepassing van sy dissipline.

Die tweede konsekwensie is dat ons moet besef hoe ewig en onverskeurbaar die kerk as liggaam van Christus is. Die feit dat die kerk op aarde reeds die beginsel is van God se nuwe skepping, sy herskepping, moet ons laat besef dat Christus se liggaam, wat in beginsel saamgestel is uit sy uitverkorenes, daarom nie vernietigbaar is nie. Christus se liggaam is ewig een! Dit is God se belofte en dit is ons belydenis.

Wanneer Paulus die Korintiërs teen die sonde van skeurmakery

waarsku, is dit omdat die skeurmakers die gemeente deur hulle despotisme aftrek van hulle gemeenskap met die Here Jesus Christus (1 Korintiërs 1:9-13) en groeppvorming kweek agter ander leiers aan. Wanneer Judas die mense uitwys wat skeuring maak, wys hy na hulle wat nie luister na die woorde van die profete en die apostels van Jesus nie en daardeur bewys dat hulle nie die Gees het nie, maar die gemeente agter hulleself aan trek.

Al het Jerobeam die 10 stamme van Israel (met meerderheid van stamme), ter wille van politieke vuilgewin, in die verleiding tot afgodery weggesleep van die godsdiens wat God ingestel het, beteken dit nie dat hy in sy skeurmakende doel geslaag het nie. Dit is by alles die skrilte ironie: later is plegtig aan Elia verseker dat daar in Israel baie mense is (7 000) wat aan God behoort, wat die knie nie voor Baäl buig nie (sien NGB, artikel 27). In die kerke aan wie Judas geskrywe het, was daar mense wat deur hulle adviese en getuienisse die mense agter hulle eie begeertes aan verlei het, weg van die Woord van die profete en die apostels van die Here Jesus af. Tog word daar aan die einde van die brief die plegtige versekering gegee dat die Here aan wie alle heerlikheid toekom in staat is om sy kerk te bewaar en vlekkeloos voor Hom te stel in heiligheid. God se kerk bly as eenheid bewaar, ongeag menslike skendingsplanne – niemand sal hulle uit sy hand ruk nie.

Die derde konsekwensie is dat diegene wat skeurmakers volgens die definisie van die Bybel is, nie die kerk van Christus skeur nie, maar dat hulle hulself en die wat hulle verlei van Christus afskeur. Hulle veroorsaak dat die Vader hulle amputeer. Dit het Jesus so helder verduidelik in sy gelykenis van die wingerdstok (Johannes 15:2, 6-7).

Ook al het Kain sy hebsugtige kerkskeuring met die doodslag van sy broer Abel bekroon, het hy steeds nie die kerk geskeur nie, maar hy het homself van God afskeur.



Volgens ons belydenis berus die bestaan van die een kerk van Christus (HK, Sondag 21) in die ewige uitverkiesing van God. Nie eers die Satan kan dit deur sy valse christusse ongedaan maak nie (Matteus 24:24).

Die vierde konsekwensie is dat geen menslike magstrukture in staat is om die vryheid van die kerk in haar ongesteurde gehoorsaamheid aan Christus aan bande te kan lê nie (sien Calvyn Institusie 4.2.10). Ook al het die 300 profete saam met Agab teen een – die profeet Miga – gestem, kon hulle nie met hulle aardse meerderheid of selfs hulle aardse koninklike despotisme die Woord van God, soos Miga dit bedien het, ongedaan maak nie; en hulle het die volk van God in die ellende gedompel (1 Konings 22). Farao moes leer, Agab moes leer, Nebukadnesar moes leer dat die kerk die vergadering van vrygekooptes van die Here is. Die deurwerking van sy koningskap in sy kerk kan deur geen menslike magstrukture gemanipuleer word nie. Die Woord van Christus sal altyd weer die bevrydende woord van sy kerk wees. 'En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie' (Johannes 10:4-5).

Ons belydenis – gegrond op die Skrif – borrel dus oor van oorwinnende optimisme: dat Christus self deur sy Woord en sy Gees sy kerk wat sy uitverkorenes is, deur alle eeue tot die einde toe sal vergader, beskerm en onderhou.

## Stelling 2:

*Die ware kerke is verenig met mekaar in hulle gehoorsaamheid aan Christus (kerkverband).*

In NGB artikels 28 en 29, tesame met die HK Sondag 21 (vraag en antwoord 55) bely ons vanuit die Skrif wat die roeping van die gelowiges is vir die sorgvuldige bewaring van die eenheid van die Gees (Efesiërs 4). Die gelowige word volgens artikel 28 geroep om hom af te skei van wat nie kerk is

nie, en hom te voeg by wat die kerk van Christus is. Om dit beter te doen en reg te kry, word in artikel 29 NGB helder beskrywe hoe die gelowige onderskeid moet maak tussen die ware en valse kerk. Dit moet ondubbelsinnig gestel word: skeurmakers is mense wat die gelowiges weg van Christus en sy Woord af lei agter hulleself aan. Diegene wat die roeping van NGB artikel 28 nakom deur hulleself af te skei van die valse kerk en toe te voeg by die ware kerk, is besig met die bewaring van Christus se een kerk.

Een van die mees opvallende dinge wanneer gekyk word na die onderskeid tussen die valse en die ware kerk, is die tipiese despotiese kerkstruktuur van die valse kerk. Guido de Brès wys met sy beskrywing van die merktekens van die valse kerk in ondubbelsinnige taal wáár ons die valse kerk op sy duidelikste sien: die wat aan hulle kerklike dekrete, die besluite van hulle konsilies, hulle kerklike vergaderings, die topstruktuur, die *ex cathedra*-uitsprake van hulle pouse, die adviese en sogenaamde herderlike briewe van hulle kardinale meer mag en gesag geheg het as aan die Woord van God. In daardie strukture en persone se dekrete het hulle na eie goeie denke by die sakramente weggeeneem en toegevoeg. Met daardie strukture en persone (die gevreesde inkwisisie, die rondgaande hof) het hulle diegene vervolg wat hulle vermaan het oor hulle afgodery en hebsug.

Teen hierdie despotiese struktuur, met sy opstand teen Christus, het Luther en die ander Reformatore, ook Calvyn (Institusie 4.2), te velde getrek sonder om eers te wag vir 'n volgende konsilie om te hoor of hulle tog bereid is om na die Bybel te luister.

Aan die ander kant word die kenmerke van die ware kerk deurgaans aangewys soos wat dit in 'n plaaslike gemeente gestalte kry. Dit is asof De Brès die gelowiges herderlik lei en hulle uitwys waar die kudde van Christus moet wei. Kyk waar die evangelie suiwer bedien word; dit vind plaas in die gemeente waar die evangelie suiwer met die beginsel van *Sola Scriptura* bedien word. Kyk waar die sakramente suiwer bedien word

soos Christus dit beveel het en sy apostels dit aan ons oorgelewer het – in die samekomste van die gemeente. Kyk waar die kerklike tug suiwer toegepas word – deur die lidmate onderling en deur die ouderlinge van die gemeente, volgens die opdrag wat Christus gegee het.

Ook hierdie leerstelling het sy belangrike konsekwensie. Hiervolgens het elke gemeente en elke lidmaat nie alleen die vryheid nie, maar ook die roeping om elke besluit van die sinode te toets of dit ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Gereformeerde belydenis en kerkorde is. Dit skryf Johannes aan die kerke en die lidmate van daardie kerke wanneer hy hulle aanspreek as 'Geliefdes'. Die Bybelse bevel wat ook die fondament van artikel 31 KO is, word onder meer aangehaal in die slotwoorde van artikel 7 NGB: 'Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan' (1 Johannes 4:1). Reeds uit Deuteronomium 13:1-5 blyk die verskeie wyses hoe die misdaad van valse profesie herken kan word en behandel moet word. Dat die kerkvolk sedert die Ou Testament reeds die roeping gehad het om die woorde van die profete te toets was dus nie nuut of vreemd nie. Dit word in 'n oormag van tekstmateriaal deur die res van die Skrif ontvou, byvoorbeeld in Matteus 7:15-21, Matteus 24:24-26, 1 Timoteus 4:1-3, 2 Petrus 3:1-4, 2 Johannes 1:10, Judas (verse 17-23). Die algemene roeping word telkens bevestig en aangewend op 'n aktuele voorbeeld uit die midde van die lesers.

Ons is geroep om die roepstemme wat ons hoor (ook die dekrete van sinodes asook die adviese en getuienisse van predikante en professore) te toets en alleen die stem van die 'Goeie Herder' te volg en nie enige ander vreemde stemme nie (Johannes 10).

## Saamgevat

Die volgende vyf hoofsaake dien as samevatting.

- Die kerk van Christus is ewig omdat dit die herskeppingsdaad

van God is. Daarom kan dit nie vernietig word nie.

- Die kerk van Christus is één, verenig op grond van die uitverkiesing in Christus. Daarom kan dit nie geskeur word nie. Dit beteken dat skeurmakers nie die kerk skeur nie, maar hulle skeur hulleself en die wat hulle verlei van Christus en dus van sy één kerk af.
- Die kerke van Christus wat Hy op alle plekke vergader, beskerm en onderhou is één. Gevolglik bestaan hulle eenheid nie in die mensgemaakte eenheidsstrukture

wat hulle kerkverband, of kerkverbande noem nie. Hulle eenheid lê nie in hoe hulle aan mekaar vasklou nie, maar in hoe hulle aan Christus en sy Woord vasklou (Johannes 15).

- Die gesag (en troos) van die kerke van Christus se gemeenskapsbeoefening bestaan nie in die samehorigheid van die mense se onderlinge akkoord nie, maar in hulle gemeenskap met Christus self, aan wie hulle behoort. Hy is hulle Band (en troos – HK Sondag 1) deur sy Gees en Woord.

- Die gesag (en enigste troos) van die kerke van Christus se gemeenskap met mekaar bestaan alléén in hulle gehoorsaamheid aan sy Woord. Wie hulle van hierdie gehoorsaamheid losmaak, ook al is hulle die meerderheid (sien Eksodus 23:2), tree nie net independentisties op nie, maar pleeg die sonde van skeurmakery waarvoor Paulus waarsku in 1 Korintiërs 3:17: 'As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.'

## KERKERF

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

# Kerk-wees en die 'getuienis oor kerkregtelike dwalinge'

In ons kerk-wees van vandag kan en mag ons nie anders nie as om te bou op die fondament wat Christus self vir sy kerk en die verband van kerke gelê het. Die Skrif is duidelik oor die fondament<sup>1</sup>. Die Skrif is ook duidelik oor die bouwerk op die fondament<sup>2</sup>.

In hierdie artikel sal daar met bogenoemde as basis in besonder gefokus word op 'n dokument wat twee professore van die Teologiese Skool Potchefstroom op 11 Oktober 2007 uitgestuur het. Die dokument is getiteld 'Handhawing van die suiwer leer teen kerkregtelike dwalinge'<sup>3</sup>.

### Vorm van getuienis

Die twee broeders noem hulle dokument 'n getuienis. Op grond van Artikel 18 KO is dit vir hulle duidelik dat teologiese professore onder andere die roeping het om in belang van die teologie en suiwer leer getuienis te lewer<sup>4</sup>. Hulle ag hulle geroepe om die suiwer leer teen kerkregtelike dwalinge te handhaaf. Drie kernmomente kom hierin na vore: getuienis, handhawing van die suiwer leer en kerkregtelike dwaling.

### Getuienis en Artikel 18 KO

Die bewoording van Artikel 18 KO lui soos volg: 'Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwer leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'. Die artikel meld niks van 'n roeping om in belang van die teologie en suiwer leer 'n getuienis te lewer nie. Dit is wel die roeping van elke christen om kragtens sy profetie-amp vir die waarheid te getuig. Meer presies: om getuie van Jesus Christus te wees (Handelinge 1:8).

By dit alles moet bedink word waaraan 'n christen-profeet se getuienis behoort te voldoen. Die volgende punte kan onderskei word:

- dit moet feite duidelik en genoegsaam weergee
- dit moet betroubaar wees
- dit moet sake in 'n suiwer perspektief stel
- dit moet sonder aansiens des persoons gestel word
- dit moet met 'n eerlike motief en

doelstelling gelewer word

- dit moet bydra tot oplossing van konflik (veral in ag genome die huidige gespanne kerklike situasie)
- laaste en seker die belangrikste: die Skrif moet in die getuienis spreek. In die getuienis van die christen moet die stem van Christus hoorbaar wees.

As die getuienis hieraan gemeet word, blyk die volgende:

In die inleiding van hulle getuienis verwys hulle na 'n aantal individuele predikante, kerkrade en lidmate wat ontevrede is met die kerklike situasie in die GKSA, en wat op 'n nie-kerkordelike wyse van optrede bydra tot verdere spanning

1. Onder andere Matteus 16:16-18.
2. Onder andere 1 Korintiërs 3:3-21.
3. Die volledige dokument is beskikbaar by [www.vglonline.net](http://www.vglonline.net)
4. Paragraaf 3 van die professore se getuienis: 'Die huidige situasie gaan ons ter harte. Dit behoort ons almal se ernstige aandag te verdien. Die kerkorde maak voorsiening vir maniere om sake of probleme op die agenda van kerklike vergaderinge te kry. Hieronder gee ons eksplisiet 'n aanduiding daarvan. Een van hierdie maniere vind ons in artikel 18 van die kerkorde, waarin dit duidelik is dat teologiese professore onder andere 'n roeping het om in belang van die teologie en suiwer leer 'n getuienis te lewer.'

en verdeeldheid in die kerkverband. Dit word volgens hulle bevestig deur berigte in die kerke en in die openbare media<sup>5</sup>. Uit die geheel van die getuienis word dit egter nie duidelik watter predikante en kerkrade en lidmate bedoel word nie. Dit is ook nie duidelik van watter nie-kerkordelike wyse van optrede sprake is nie. Net so min is daar duidelikheid oor die inhoud van die berigte in die kerkverband en die openbare media. Wat laasgenoemde betref moet daar buitendien met groot omsigtigheid gewerk word, aangesien die openbare media geen bron is wat vir die doel van 'n geverifieerde getuienis aangewend kan word nie.

Daarbenewens spreek die broeders professore hulle kommer uit oor die verbreking van die kerkverband<sup>6</sup>. Die broeders erken dat daar verskeie aspekte is wat in hierdie opsig in mindere of meerdere mate kommer wek, maar die ontwikkeling van nuwe eenhede en gepaardgaande strukture is vir hulle die skerp punt van die saak. Daarmee bedoel hulle dat kerke uit die ressorte van bepaalde klassisse verskuif en oor lang afstande heen met kerke in 'n ander klassis saam vergader<sup>7</sup>. In hulle bewoording is die broeders weereens baie vaag. Net so vaag soos wat die feite oor die name van die betrokke kerke en klassis is, is die gebrekkige weergee van feite oor die redes waarom sekere besluite geneem is soos wat hulle geneem is. Die broeders aanvaar dat die betrokke kerke hulle *waarskynlik* op grond van die sogenaamde ratifikasiereg-standpunt by die kerke in 'n ander klassis gevoeg en saamverbind het<sup>8</sup>. Hier is sprake van 'n *waarskynlikheid* – nie van 'n gekontroleerde sekerheid nie.

Wat die broeders dus bied, is geen duidelike, gebalanseerde weergee van feite in 'n getuienis kragtens Artikel 18 KO nie. Sonder om name van predikante, lidmate, gemeentes en klassisse te noem, word dowwe skote in die lug geskiet oor die vermeende totstandkoming van 'n nuwe kerkverband binne die GKSA. Geen predikant of kerkraad kan

met sekerheid weet of hy deur die getuienis aangespreek word al dan nie. Die grootste leemte in die getuienis is egter die gebrek aan Skrifbegroning. In die hele dokument word op een plek sydelings na 'n teks in die Skrif verwys. Die stem van Christus, die Goeie Herder, word nie gehoor nie.

### *Handhawing van die suiwer leer*

Daar is reeds na die roeping van die teologiese professore volgens Artikel 18 KO verwys. Dit is opvallend dat daar in Artikel 18 nie na *handhawing* van die suiwer leer verwys word nie. Artikel 18 wys op die *verdediging* van die suiwer leer. Handhawing is iets anders as verdediging. Professore moet in die opleiding van predikante in besonder aandag gee aan uitleg van die Skrifte en verdediging van die suiwer leer teen dwaling en kettery. Volgens Artikel 55 van die KO is dit die taak van bedienaars van die Woord en die ouderlinge om die suiwer leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en kettery te weer. Dit klink baie dieselfde as die plig van die professore. Tog is daar 'n beduidende verskil. Verdediging van die suiwer leer vind primêr in die klaskamers van die teologiese skool plaas – waar voornemende predikante opgelei word. Handhawing van die suiwer leer geskied in die gemeente deur middel van prediking, kategetiese onderrig en huisbesoekgesprekke. Uiteraard sluit verdediging en handhawing van die leer mekaar nie uit nie. Daar moet egter teen vermenging gewaak word. Die taak van die professor is anders as dié van die predikant en die ouderling. Myns insiens lê 'n groot deel van die probleem van die getuienis juis hier. In stede daarvan dat die broeders die ordelike weg van beswaar teen vermeende onkerkordelike optrede bewandel, tree hulle buite hulle opdrag kragtens Artikel 18 KO op.

### *Kerkregtelike dwaling*

'n Laaste opmerking in verband met die vorm waarin die getuienis

gelewer is, raak die bewoording van die titel: *Handhawing van die suiwer leer teen kerkregtelike dwalinge*. Met kerkregtelike dwaling bedoel die broeders dat daar onsuiverhede op die terrein van die kerkregering voorkom<sup>9</sup>. Dié onsuiverhede word kerkregtelike dwalinge genoem. Weereens, sonder om kleinlik op woordkeuses in te gaan, is dit noodsaaklik om daarop te let dat daar nie iets soos 'n kerkregtelike dwaling kan wees nie. Leerdwaling (dit is: die verkondiging van 'n valse leer en kettery) kan beslis voorkom. Kerkregtelik kan daar onreg gepleeg word. Daar kan soms 'n duidelike verband tussen leerdwaling en kerkregtelik onregmatige optrede aangetoon word. Maar kerkregtelik kan daar nie gedwaal word nie. Teenoor vermeende kerkregtelike dwalinge kan daar gevolglik geen

- 
5. Paragraaf 2 van die getuienis: 'Berigte in die kerke en in die openbare media bevestig dat daar daadwerklike ontwikkelinge aan die orde van die dag is wat daarop dui dat daar 'n aantal individuele predikante, kerkrade en lidmate is wat ontevrede is met die kerklike situasie in die GKSA, en wat op 'n nie-kerkordelike wyse van optrede bydra tot verdere spanning en verdeeldheid.'
  6. Paragraaf 14 van die getuienis: 'Enige besluit van 'n plaaslike kerk of mindere vergadering (vgl art 30 KO) wat daarop neerkom dat die bepalinge van die kerkorde ter syde gestel word, verander word, of in stryd met die bedoeling daarvan toegepas word, is 'n verbreking van die afspraak (ooreenkoms) tussen die kerke in kerkverband, en derhalwe 'n direkte aantasting van die eenheid van die kerk.'
  7. Paragraaf 15 van die getuienis: 'Dit is bekend in die GKSA dat daar enkele kerke is wat in terme van die KO art 41 (vgl ook art 38) geografies as naburige kerke hulle bande met daardie kerke in die bepaalde klassis met kennisgewing beëindig het, en besluit het om by 'n ander klassis wat in afstand verwyderd is in te skakel. Laasgenoemde klassisse het besluit om daardie kerke op te neem in die struktuur van die klassis.'
  8. Paragraaf 16 van die getuienis: 'Hierdie optrede of verskynsel kom voor by daardie kerke wat waarskynlik op grond van die sogenaamde ratifikasiereg-standpunt van mening is dat omdat sekere besluite van meerdere vergaderings vir hulle onaanvaarbaar is, dit daarom nie uitgevoer hoef te word nie.'
  9. Paragraaf 9 van die getuienis: 'In die lig van bogenoemde is dit moontlik dat daar ook dwalinge of onsuivere standpunte op die terrein van die kerkregering kan voorkom. Die geskiedenis is vol voorbeelde daarvan. Ons vind weliswaar nie in die Skrif 'n uitgewerkte stelsel van kerkregering nie, maar wel belangrike beginsels daarvoor, en daarom word in ons belydenisskrifte enkele artikels aan die kerk en kerkregering gewy. Verder kan ons onderskei tussen wesenlike aspekte (konstitutiewe gegewens) wat direk in die Skrif oor kerkregering na vore kom, en middelmatige (regulatiewe) bepalinge wat ter wille van goeie orde en organisasie in die kerke belangrik is, en wat ook die gees van die Skrif moet adem.'

suiwer leer gehandhaaf word nie. Die broeders het twee sake met mekaar vermeng en sodoende 'n verwarrende getuienis na die kerke uitgestuur.

## Manier van getuig

### *Die amptelike roete*

Op 11 Oktober 2007 stuur die twee broeders hulle getuienis deur middel van die GKSA poslys die wêreld in. 'n Dag later, op 12 Oktober, word dieselfde getuienis weer 'n keer op die poslys versend. Dié keer word dit met 'n begeleidende brief onder die aandag van alle voorsitters van kerkrade in die GKSA gebring. Die getuienis is dus nou geadresseer.

Hierdie manier van optrede is onverstaanbaar. Die GKSA poslys is die privaat eiendom van 'n predikant en nie die amptelike kanaal waardeur daar in die kerkverband met mekaar gekommunikeer word nie. Op die poslys is heelwat nie-Gereformeerde mense ingeteken, terwyl talle kerkrade nie daarop ingeteken is nie. Die getuienis wat oor so 'n belangrike saak handel, het gevolglik by sekere mense uitgekóm wat nie primêr belang daarby het nie, terwyl diegene wat die grootste belang daarby het dit eers 10 dae later op die korrekte manier – per pos – ontvang het.

Die negatiewe effek van hierdie optrede was onmiddellik te bespeur. Verskeie poslys-intekenare het via die poslys op die getuienis gereageer. Sommige reaksies was heftig. Ander het gevra vir kalmte sodat daar deeglik oor die inhoud van die getuienis besin kan word. Feit is: terwyl die broeders met hulle getuienis poog om spanning op te los en verhoudings in die kerke te normaliseer, werk hulle presies die teenoorgestelde in die hand.

### *Bloot kennis neem van dwaling?*

Daarby moet die aandag gevestig word op die versoek van die broeders aan die kerkrade. Die broeders vra dat die kerkrade

van hulle getuienis moet kennis neem. Hulle stel dit uitdruklik dat dit nie aan individue gerig is met die uitnodiging of idee dat dit tot 'n polemieë tussen persone moet lei nie. Tog moet kerkrade dit in 'n broederlike, maar ernstige gees hanteer. Daar word ook 'n appèl op die kerke gedoen. Hoe werk dit? Daar word teen kettery en dwaling gewaarsku. Kerkrade se aandag word gevestig op sekere predikante en individue en kerkrade en klassisse wat klaarbyklik skeurmakend optree. Maar daar moet nie verder oor gepolemiseer (dit beteken: debatteer) of vroe gevra word nie. Die broeders sê: daar is verterende vure wat in die kerkverband brand – neem net kennis van ons getuienis oor daardie vure.

Dit is 'n saak van onmoontlikheid. As daar inderdaad van leerdwaling sprake is, moet dit as sodanig aangewys en aangespreek word. En as daar inderdaad van onregmatige kerklike optrede sprake is, rus die plig op die broeders om dit met die betrokke kerklike vergaderinge op te neem. Dan is dit verkeerd om 'n getuienis uit te stuur waarvan kerke bloot moet kennis neem. Van leerdwaling en onordelike optrede kan daar nie net kennis geneem word nie. Dit moet met hand en tand bestry word. Die broeders verwys wat dit betref tereg na Artikel 80 KO waarin valse leer of kettery en openbare skeurmakery as growwe sondes bestempel word wat skorsing in of uitsetting uit die diens verdien. Alle ampsdraers is aan Artikel 80 verbind – ook die broeders wat die getuienis opgestel het.

## Inhoud van getuienis

### *Nuwe kerkverband*

In die inleiding van hulle getuienis spreek die broeders hulle kommer uit. Hulle sê: 'Elkeen wat op die hoogte is van onderlinge verhoudings in die GKSA besef dat daar 'n spanningsvolle situasie ontwikkel het. Daar is by sommiges nie net verskille oor besluite van vorige sinodes nie,

byvoorbeeld ten opsigte van die posisie van die vrou in die kerk, oor die Psalmomdigting en oor die nagmaal nie, maar daar is deur die besluite en toedoen van 'n aantal predikante en kerke 'n duidelike aanduiding van die ontwikkeling van 'n nuwe kerkverband binne of naas die verband van die GKSA'. Hulle sê verder: 'Hoewel ons bewus is van ander aspekte in ons kerkverband wat in 'n mindere of meerdere mate kommer wek, wil ons in hierdie getuienis fokus op die tekens of gebeure wat dui op die ontwikkeling van nuwe eenhede en gepaardgaande strukture binne of naas die kerkverband van die GKSA. Dit is 'n aantasting van die eenheid van die kerk (binne die konteks van die eenheid in die GKSA), en bring sodoende die leer oor die eenheid van die kerk in gedrang'.

'n Belangrike vraag moet in hierdie verband gestel word. Wat beteken "n nuwe kerkverband binne of naas die verband van die GKSA"? Die belydenis gaan daarvan uit dat kerkverband in die hemel geskep word. Die werklikheid daarvan word op aarde beleef. Kerkverband is daar waar die kerke van Christus die geloofsgemeenskapsband met mekaar in Hom beleef. Kerke in kerkverband leef saam in onderdanigheid aan Christus, en het daarom 'n eenheid met mekaar. In dié sin bely ons dat die heilige, algemene, Christelike kerk 'n onverbreekbare geloofseenheid is. Die kerk is een – Christus maak dit een. Dit kan nie skeur nie. 'n Mens kan jou slegs in eiewilligheid daarvan afskeur. As die broeders die uitdrukking 'nuwe kerkverband binne of naas die bestaande kerkverband' gebruik, is die vraag: met watter belydenis oor kerk en kerkverband word daar gewerk? Dit is beslis nie die Gereformeerde belydenis nie.

### *Ratifikasiereg*

Die broeders spreek hulle sterk teen die sogenaamde ratifikasiereg uit. Onder ratifikasie verstaan hulle dat dit die reg is 'waarvolgens elke plaaslike kerk ná die vergadering

van 'n meerdere vergadering eers weer, by wyse van 'n tweede besluitnemingsproses, moet oordeel of hulle hulle verbind aan die besluite van die meerdere vergadering'. Hulle meen dat ratifikasie afgewys moet word. Want 'die kerke was immers deel van die vergadering wat die besluite in terme van die geloofsbriewe geneem het, en die besluite is reeds geldig omdat die kerke gesamentlik geoordeel het dat dit binne die raamwerk van die Woord van God, die belydenis en die kerkorde geneem is'.

Oor ratifikasie is daar heelwat gepraat en geskryf die afgelope jare. Dit is belangrik om in enkele sinne 'n suiwer beeld van die reg tot ratifikasie deur te gee. Ratifikasie is die Latynse weergawe van die Afrikaanse woorde 'vir vas en bindend hou' of te wel 'vir geldig hou' in Artikel 31 KO. As 'n kerkraad 'n besluit van 'n meerdere vergadering vir vas en bindend – geldig – hou, beteken dit nie dat hy die besluit van daardie vergadering vir 'n tweede keer neem nie. Dit beteken wel dat hy die besluit van die meerdere vergadering lees, oordink, aan die norm van die Skrif toets en toepas. As dit blyk dat 'n bepaalde besluit nie ooreenkomstig die Skrif geneem is nie, kan die kerkraad dit nie vir vas en bindend hou nie en gevolglik nie toepas nie. In so 'n geval rus die verpligting op die kerkraad om onmiddellik die ordelike weg van beswaar of appèl op te gaan. Die hele proses van lees en toets en toepas, of – indien dit 'n ongeldige besluit is, nie toepas nie en dan beswaar aanteken – dit is ratifikasie. Die broeders stel dit voor asof ratifikasie 'n eensydige aksie is wat kerke onderneem om sekere besluite van meerdere vergaderinge waarvan hulle nie hou nie, nie uit te voer nie<sup>10</sup>. Dit is nie 'n korrekte voorstelling nie. Om kerke wat met probleme oor sekere sinodebesluite worstel met 'n verkeerde voorstelling oor ratifikasie te vermaan en voor te gee dat hulle kerkregtelik dwaal, is bedroewend. Dit bring hoegenaamd geen heling in die spanningsvolle toestand wat

reeds daar is nie. Die vraag kan met reg gevra word: wie bring nou verdeelheid in die kerkverband? Diegene wat hulle volgens die reg van Artikel 31 KO op die Skrif beroep, of diegene wat sonder noemenswaardige Skrifberoep 'n strooipop oor ratifikasiereg opstel en neervel?

### *Eenheid en geskeidenheid*

Die broeders spreek hulle baie sterk uit oor die verdeeldheid wat daar tans in die kerkverband is. Hulle skryf: 'Om dus te argumenteer of te besluit dat daar tussen kerke wat een gemeenskaplike belydenis onderskrywe, en wat daarom met mekaar in kerkverband lewe en 'n gemeenskaplike kerkorde aanvaar het, tegelyk 'n band van eenheid en geskeidenheid kan bestaan, is 'n kerkregtelike dwaling' (Paragraaf 13). Hulle skryf verder: 'Dit is bekend in die GKSA dat daar enkele kerke is wat in terme van die KO art 41 (vgl ook art 38) geografies as naburige kerke hulle bande met daardie kerke in die bepaalde klassis met kennisgewing beëindig het, en besluit het om by 'n ander klassis wat in afstand ver verwyderd is in te skakel. Laasgenoemde klassis het besluit om daardie kerke op te neem in die struktuur van die klassis' (Paragraaf 15).

Hulle kom tot die slotsom: 'Die gevolg hiervan is noodwendig dat daar 'n verbreking van die eenheid in die GKSA aan die ontwikkel is, want daar kan nie tegelyk eenheid en geskeidenheid wees nie; nie 'n handhawing van die belydenis en kerkorde en tegelyk 'n ter syde stelling van die bepalinge daarin nie. Daar kan nie op die vlak van mindere vergaderinge, soos in 'n klassis, 'n (af)skeiding kom, en op die vlak van 'n meerdere vergadering, soos 'n nasionale sinode, weer eenheid bestaan nie. Tussen meerdere vergaderinge is daar steeds korrespondensie, en 'n meerdere vergadering is prinsipiëel steeds 'n vergadering van plaaslike kerke in wyer-wordende sirkels/streke (vgl KO art 47-50)' (Paragraaf 22).

Dit is hartseer en ontstellend dat daar 'n toestand van eenheid en geskeidenheid in die kerke is. Met betrekking tot dit wat die broeders skryf moet daar egter enkele belangrike toetsvrae gestel word: Was dit in hierdie verskuiwings die bedoeling of die boodskap gewees dat 'bande gebreek' word met die betrokke kerke van die betrokke klassis? Dit is nie wat in die boodskappe oorgedra is nie. Dit het telkens gegaan oor die probleem dat daar gesoek word na samekoms en hulpverlening met en vir kerke waar tot beter stigting en geloofsopbou van die kerke gehandel kan word. Dat al die kerke weer in een of ander meerdere vergadering sou saamkom en dus steeds aan mekaar verbind is, was en word nie betwyfel nie. Hier word 'n ernstige beskuldiging gemaak wat nie uit die dokumentasie ter sprake bewys word nie. Die beskuldiging kan selfs op oortreding van die negende gebod neerkom.

### *Onbewese stellings*

Die broeders maak verskeie stellings, soos:

- 'Daar is in die proses van verbreking van die eenheid, en in die sluiting van nuwe eenhede (bedoelende kerke wat hulle by 'n ander klassis voeg – GJM), geen bewys by bevoegde vergaderinge in terme van die kerkorde gelewer dat daar enige dwaling of tekens van optredes/besluite was wat in stryd is met die Woord van God, die belydenis of die kerkorde nie' (Paragraaf 20).
- 'Die reëls van natuurlike geregtigheid (wat Skrifveranker is), naamlik dat niemand regter in sy eie saak mag wees nie, en dat daar altyd ook na die ander party geluister moet word, is eweneens nie toegepas deur daardie kerke

10.Paragraaf 16 van die getuienis: 'Hierdie optrede of verskynsel kom voor by daardie kerke wat waarskynlik op grond van die sogenaamde ratifikasiereg-standpunt van mening is dat omdat sekere besluite van meerdere vergaderings vir hulle onaanvaarbaar is, dit daarom nie uitgevoer hoef te word nie. Dit beteken dat die normale kerklike weg waarvolgens probleme of verskille behandel moet word, ooreenkomstig die bepalinge van die kerkorde waaraan al die kerke verbind is, nie nagekom word nie.'

(en klassisse) wat besluit het om nuwe eenhede te sluit nie' (Paragraaf 21).

In hierdie stellings kom die broeders tot die slotsom dat die nodige bewyse vir sekere kerklike aksies ontbreek. Op grond van die reëls van natuurlike geregtigheid impliseer hulle dat individuele predikante, kerkrade en klassisse regter in sy eie saak was en nie altyd met die sogenaamde *audi alteram et partem*-reël – die aanhoor van wedersydse partye – te werk gegaan is nie. Wat merkwaardig is, is dat die broeders self geen aanduiding gee watter kerke en klassisse ter sprake is nie. Hulle gee geen bewyse dat die kerke en klassisse wat hulle bedoel hulle skuldig maak aan waarvan hulle aangekla word nie. Die reëls van natuurlike geregtigheid, waarna die broeders tereg verwys, spel ook uit dat reg moet geskied en dat dit moet bydra tot bestryding van onreg. Die broeders bewerk die teenoorgestelde. Sonder om 'n duidelik gemotiveerde klag met klinkklare bewyse by die betrokke kerklike vergaderinge te lê, spreek hulle ongevaagd 'n regs-mening uit en dra dit by wyse van 'n getuienis aan die kerke oor. Wat moet die kerke met so 'n mening doen? Is dit enigsins verbasend dat sulke optrede tot vermeerdering van spanning bydra?

### *Appèl op die broeders wat die getuienis lewer*

Die broeders maak met hulle getuienis uit hulle hart die volgende appèl op die kerke:

- 'Handhaaf die eenheid in leer, diens en tug;
- Bekeer julle van kerkregtelike dwalinge soos hierbo aangedui;
- Bly by die afspraak of ooreenkoms tussen die kerke in terme van die belydenis (NGB 27-32) en die kerkorde (art 86);
- Hanteer besware op die regte kerkordelike wyse, soos dit in die kerkorde bepaal word;
- Eerbiedig die onderneming wat in die geloofsbrief gemaak is'.

Hulle stel ook as slotwoord dat 'die getuienis aan die kerke beskou moet word as 'n oproep tot 'n ernstige besinning oor die spanningsvolle situasie wat in die GKSA ontwikkel het, en tot daadwerklike optredes wat tot die normalisering van die situasie sal lei. Ons is geroep om die band van eenheid te bewaar en uit te bou, op grond van ons gemeenskaplike geloof in en ons gehoorsaamheid aan God Drie-Enig'.

Die appèl is in sy volle konsekwensies net so van toepassing op die broeders wat die getuienis lewer. Die bedoeling is geensins om hande in onskuld te was oor dit wat in die kerklike lewe nie tot eer van God is nie. Elke lidmaat en kerklike vergadering word tot selfondersoek gedwing.

### **Stellings**

1. In gehoorsaamheid aan Christus is dit elke christen se roeping om vir die waarheid te getuig. Ons christelike getuienis word onder andere geken aan duidelike en genoegsame en gebalanseerde weergee van feite, betroubaarheid, eerlikheid, en soeke na oplossings van 'n konflik. Die belangrikste is dat die Skrif in die getuienis moet spreek.
2. Dit is kragtens Artikel 18 KO nie die taak van die teologiese professore om lukraak verklarings, getuienisse of interpretasies van besluite van kerklike vergaderinge te lewer nie.
3. Kerkverband is 'n gawe van God in Christus. Dit word in die hemel geskep en op aarde beleef waar kerke in gehoorsaamheid aan Christus aan mekaar gebonde is. Kerkverband kom tot uitdrukking in die kerke se gesamentlike geloofsbelydenis asook die beleving van eenheid in leer, diens en tug.
4. Artikel 31 KO beskerm die kerke teen hiërargie enersyds en independentisme andersyds. Meerdere vergaderinge regeer nie die kerk van Christus nie, maar die Woord van

God. Daarom is besluite van meerdere vergaderinge altyd aan die Skrif toetsbaar. Die plig rus op kerkrade om in hulle regeeramp te verseker dat besluite van kerklike vergaderinge geldig is en uitgevoer word. In dié sin moet kerkrade die besluit van meerdere vergaderinge ratifiseer. Indien 'n besluit van 'n meerdere vergadering ongeldig is, moet dit by wyse van 'n beswaar- of appèlskrif aan die kerkverband bekend gemaak word.

5. Dit is tragies en bedroewend dat daar tans 'n toestand van eenheid en geskeidenheid in die GKSA bestaan. Die feit dat daar nog van eenheid in meerdere vergaderinge sprake is, moet as 'n soeke na herstel van versteurde verhoudinge verstaan word. Die soeke na mekaar in meerdere vergaderinge moet nie as valse skyn gesien en voorgehou word nie.
6. Dit is onhoudbaar dat 'n getuienis vir blote kennisgewing aan die kerke deurgestuurd word, terwyl die inhoud van die getuienis as gevolg van onbewese en vae stellings verdagmakery in die hand werk. Die verdagmakery van hierdie getuienis dra die kiem van amps-verhewenheid in hom rond, te meer omdat teologiese professore sê dat dit nie op individue gerig is met die uitnodiging of idee dat dit tot 'n polemieek tussen persone moet lei nie.

# Die begin van die Reformasie 'n Oorsig oor Luther se 95 stellinge teen die aflaat

'Debat tot opheldering oor die geldigheid van die aflaat van die Eerwaarde Pater Martinus Luther, Doctor in die lettere en die heilige godgeleerdheid'. So lui die aanhef bo-aan die 95 stellinge.

Dit is alom bekend dat die Hervorming van die sestiende eeu in Europa begin het op die dag toe Maarten Luther sy 95 stellinge teen die deure van die kerk in Wittenberg, Duitsland vasgeslaan het. Ons kan ook die woord Reformasie gebruik. Dr C van der Waal vra in sy geskrif *Van Strijd en Zegepraal*: 'Wat verstaan ons onder reformasie?' Hy antwoord daarop: 'Die terugbring van die afvallige kerk tot die waaragtige diens van die Here'. Verder: 'Wie het Christus gebruik om 'n begin te maak met die reformasie van sy kerk?' 'Maarten Luther', lui die antwoord klinkklaar deur al die eeue.

Belangriker nog as wie die Reformasie begin het, is die vraag: Hoe het hy daartoe gekom? Deur sy noukeurige ondersoek van die Heilige Skrif.



## Hervormingsdag

Hervormingsdag word elke jaar op 31 Oktober herdenk omdat Luther sy 95 stellinge teen die aflaat op dié datum in 1517 aan die kerkdeure van Wittenberg vasgeslaan het.

Daar is oor die eeue heelwat debat gevoer of dit werklik op die vooraand van Allerheilige – 'n Roomse feesdag – of op daardie dag self, met ander woorde 1 November, plaasgevind het. Verder word dit betwis of hy hoegenaamd die stellinge teen die deure vasgetimmer het. Wat is die regte datum waarop die kerkhervorming begin het? Was dit eerder op 10 Desember 1520 toe Luther voor die Elsterpoort te Wittenberg die kerklike wetboek en die pouslike banbul in die openbaar verbrand het, of op 18 April 1521, die dag toe hy voor keiser Karel V en baie vorste te Worms geweier het om sy geskifte terug te trek? Hier het hy ook sy bekende geloofsgetuie in die openbaar afgelê: 'Hier staan ek, ek kan nie anders nie. God help my. Amen'.

Dit is nie so belangrik om presies te bepaal wanneer die hervorming begin het en of dit was toe Luther die stellinge teen die deure gespyker het nie. Waarop ons moet fokus en waarvoor ons veral dankbaar moet wees is die feit dat God self manne in die geskiedenis beskik het om ons na sy Woord terug te lei.

## Agtergrond

In die laat Middeleeue het die praktyk van die aflaat in omvang buite beheer geraak. Die Roomse kerk het geleer dat die gelowiges na die dood eers vir 'n tydperk na die vagevuur gaan om daar in 'n vlammesee gelouter te word voordat hulle na die hemel gaan. Die lidmate is bang gepraat en op

totaal onskriftuurlike wyse om die bos gely. Ons moet onthou dat die Bybel nog nie vir die gewone mense vertaal was nie en hulle alles moes glo wat die 'kerkleiers', die klerus, vir hulle opgedis het.

'n Mens kon hierdie vreeslike pyniging en loutering van die vagevuur vryspring of dit verlig deur aflaat te betaal vir jou sondes. Hiervoor was daar ook 'n ander gebruik in plek: die biege. Deur jou sondes teenoor die kerk te bely – of te biege oor alles wat jy verkeerd gedoen het – kan die kerk (mense) jou begenadig in ruil vir 'n bedrag geld na gelang van die sondes wat jy bely het. Hierdie opgelegde boetedoeninge kon deur die aflaat afgekoop word.

Buiten hierdie gewone aflaat het die kerk in die laat Middeleeue allerhande ander interessante spesiale aflate bedink om steeds groter vrees by die gewone mense te laat ontstaan om daardeur steeds meer inkomste te genereer. So byvoorbeeld het die hoogste persoon in die kerk, Kardinaal Raymund van Gurk, as pouslike kanselier te Erfurt in 1502 die sogenaamde Jubileum Aflaat afgekondig. In 'n eg Middeleeuse prosessie is die kardinaal met baie prag en praal van die Johannespoort na die Domkerk begelei. Hier is 'n *Te Deum* (Lofsang aan God) aangehef en 'n groot rooi kruis is opgerig met 'n massiewe geldkis daarnaas. Die pouslike kanselier kon nou 'sy' genade aanbied, 'ter wille van die node en tot bevordering van die vroomheid van die mense en tot saligheid van die siele' – soos dit in offisiële terme bekend gestaan het.

Hierdie valse leer en die gebruik van die aflaat is steeds verder uitgebrei. Die mense is deur die kerk onseker gemaak oor hulle



saligheid. Jy kon nooit weet of jy genoeg gedoen het om die saligheid te beërwe nie, en nog minder of jy genoeg betaal het. Hoe lank sou jy in die vagevuur moes deurbring? Erger nog, die geestelikes (klerus) het die lidmate (leke) vertel hoe hulle ouers en ander afgestorwe familieledes in die vagevuur ly. Mense het alles wat hulle het, betaal om hulle ouers se lyding te verminder.

Naas die aflaat was daar ook die relikwieë-skat. Wittenberg was in hierdie tyd 'n soort opper-genade-oord soos wat daar nêrens elders in die hele Sakse bestaan het nie. Pelgrims het van oral oor daarheen gestroom vir wat die stad, soos in die tyd geglo is, aan genade en heil kon lewer. Wittenberg het beskik oor 'n buitengewoon ryk relikwieë-skat waarvan die basis gelê was deur die direkte voorgangers van die toenmalige keurvors, Frederik die Wyse. Hy het self hierdie skat met honderde nuwe 'kosbaarhede' uitgebrei. 'n Ryk aflaat-genade was hieraan verbonde. Items het vreemdheid ingesluit soos 'n stukkie been van die heilige Elisabeth, 'n haarkrul van Maria, 'n stukkie hout van die krip uit Betlehem, een van die dorings uit die kroon van die Here Jesus, ensomeer. Hierdie 'kosbaarhede' is in silwer kissies in die gange van die galery van die slotkerk uitgestal. Dit is ongelooflik hoe oneindig hierdie skat uitgebrei het. Telkens moes daar 'n nuwe gang bygebou word. In 1509 was daar agt gange met 5 000 items en in 1518 was daar reeds 12 gange met meer as 17 000 heilige voorwerpe.

Wittenberg het ook sy eie spesiale aflate gebied. 'n Aflaat van 100 vagevuurdae kon verkry word deur die kerk op Allerheilige-dag of op sekere feesdae wat aan heiliges gewy was (sinte), of selfs op die dag van die slotkerk se inwyding te besoek. Die slotkerk in Wittenberg het ook oor die sogenaamde 'Portiuncula-aflaat' beskik. Die dag waarop hierdie aflaat bekom kon word was eweneens Allerheilige-dag (1 November). Dit is nie so snaaks nie dat Maarten Luther die dag daarvoor, 31 Oktober, gekies

het om sy stelling aan juis daardie kerk se deure vas te nael.

Vir Maarten Luther het die reformasie nie maklik of natuurlik gekom nie. Hy was self 'n vooraanstaande man in die kerk en het aan al hierdie praktyke deelgeneem. Sy bekering en insig het langsaam gegroei. In die wintermaande van Desember 1510 tot Januarie 1511 het hy in Rome vertoef. Nadat hy sy sake daar afgehandel en op 'n antwoord van die curie (bestuur van die Roomse Kerk) gewag het, het hy die geleentheid benut om self soveel saligheid en heil as moontlik te verkry. Hy sê dat hy soos 'n mal mens deur die stad gehardloop het: 'So het dit my vergaan in Rome, toe ek nog 'n dolle heilige was, ek het deur al die kerke en katakombes gehardloop, en alles geglo wat daar versin en gelieg is ... dit het my amper leed gedoen dat my pa en ma nog geleef het, want ek sou hulle graag self met my bywoning van vele misse en deur baie ander besondere werke uit die vagevuur wou verlos'.

Maarten Luther het jare lank geworstel. Hy het byna ondraaglike aanvegtinge deurstaan. In hierdie jare het die lig van die evangelie langs die weg van intense Bybelstudie tot hom deurgebreek. Kort voor die dag waarop die Reformasie sou begin, het die stryd swaarder geword. Luther is bevorder en moes toesig hou oor 'n elftal kloosters van sy orde. Tydens 'n visitasiereis na die kloosters het hy ook aangedoen by die klooster te Grimma. In dieselfde tyd het 'n aantal aflaatkommissarisse met 'n nuwe soort aflaat, wat deur pous Leo X afgekondig is, deur Duitsland getrek.

Luther en sy ampsgenoot Von Staupitz het in 'n groot debat hieroor met die monnike gewikkeld geraak. Von Staupitz het saam met Luther ingesien dat die praktyk van die aflaat onbybels was. 'n Aantal van Von Staupitz se preke hieroor het bewaar gebly. Hierdie bundel preke staan bekend as die Tischpredigten (tafelpreke). Dit was juis hierdie nuwe stel aflate van pous Leo X wat aanleiding gegee het tot die Reformasie. Kom ons neem 'n klein kykie in die geskiedenis direk voor 31 Oktober 1517.

'n Nuwe aartsbiskop is in Mainz aangestel – ene Albrecht van Brandenburg. Hy was reeds biskop van Halberstad en aartsbiskop van Maagdenburg. Hier het ons te make met een van die groot euwels van die tyd, genaamd die 'kulminasie van ampte' waar 'n persoon in meer as een amp tegelyk bevestig is. Albrecht se magsgebied het hierdeur die helfte van Duitsland omvat. Die pous en die curie het hiertoe ingestem, maar teen 'n skaflike vergoeding. Die gevolg was dat Albrecht geld, baie geld moes gaan leen by die bank van die Fuggers te Augsburg.

Om Albrecht te help het pous Leo X vir sy gebied die Jubileumaflaat aangekondig. Die inkomste is in twee gedeeltes sodat Albrecht met een deel sy skulde kon betaal en die ander deel na Rome kon stuur vir die Sint Petrus Katedraal-fonds.

Albrecht het 'n gewetenlose man aangestel om die aflaat te dryf en die geld binne te kry. Johannes Tetzl was 'n dominikaanse monnik uit Leipzig. Hy het reeds diep spore in die aflaathandel getrap en het oor die regte kwaliteite vir 'n aflaatverkoop beskik. Hy was groot, imponerend en 'n goeie spreker. Wanneer hy êrens 'n preek gehou het, het hy na afloop daarvan self na die groot geldkis geloop en 'n hand vol munte daarin gegooi om aflaat vir een van sy ouers of 'n ander familielid te betaal. As die skare die geld in die kis hoor rol roep hy luidkeels uit: 'nou is ek seker van sy saligheid en hoef ek nie meer vir hom te bid nie!' Hy het dreigend begin skree as daar nie genoeg geld ingekom het nie. Almal was vir hom bang, want hy was terselfdertyd kettermeester of inkwisieter (martel-amptenaar).

Luther het drie spesifieke preke oor die boosheid van dié aflaat gehou voordat hy sy stelling gepubliseer het.

## Die 95 stelling

Die aanhef van die 95 stellinge lui soos volg: 'Uit liefde vir die waarheid en uit verlange om haar aan die lig te bring, sal oor die hieronderstaande stellinge te Wittenberg gedisputeer word,

onder voorsitterskap van die eerwaarde pater Martinus Luther, meester in die lettere en die heilige godsgeleerdheid en tewens gewone hoogleraar alhier'. Luther se versoek was dat diegene wat nie persoonlik by die gesprek aanwesig kan wees en mondelings aan die disputasie kon deelneem nie, dit dan skriftelik te doen.

Hieruit, en uit wat Luther later self vertel het, was dit duidelik nie sy doel om die mense in opstand te bring nie. Hy wou 'n debat onder die geleerde kerkleiers begin. God werk egter dikwels anders as hoe ons self beplan. Die gedrukte dokument wat in Latyn opgestel was om die volk eers daarbuite te hou, is bykans onmiddellik vertaal. Gedrukte afskrifte is oral versprei<sup>1</sup>. Sodoende het die Reformasie volstroom 'n aanvang geneem.

## Die stelling in vier groepe ingedeel

### Aflaat

Dit is vanselfsprekend dat die aflaat die eerste groep stelling sou bevat, want dit is juis die wese waaroor die Reformasie gegaan het. Luther noem niemand – behalwe versigtig die Pous – by die naam nie. Hy trek wel te velde teen mense soos Tetzl en sê dat die kerk die aflaat en die skuld oordryf; dat hulle aan menslike genade 'n groter plek verleen as die genade en versoening van Christus se bittere lyde self. Dat die predikante versuim om die Woord te verkondig en die Heilige Skrif te eksegetiseer. Luther gaan diep in op die wese van die aflaat; meer as wat ons in hierdie kort artikel kan bespreek. Die belangrikste is egter dat hy die hart van die kerklike boetepraktijk

geraak het en die verkeerde ontmasker of blootgelê het<sup>2</sup>.

### Mag van die Pous

Luther val die Pous nie in stryd met die vyfde gebod aan nie. Hy stel hom onder die gesag wat God op aarde ingestel het, maar wys die Pous duidelik op die vergrype wat verby sy Godgegewe mag staan. Die Pous het geen mag buite die aarde nie en mag nie gryp na die dooies wat voor die regterstoel van God staan nie. Daarteenoor stel hy dit positief dat dit die Pous se taak is om toe te sien op die suiwer prediking van die evangelie. Die Pous mag hom nie vergryp aan die sleutelmag wat God aan die kerk gegee het nie en hy mag hom nie hoër verhef nie as Petrus aan wie die Here Jesus gesê het: 'Op hierdie rots bou ek my kerk.'<sup>3</sup>

### Boete

Die priester was tegelyk regter en pastor by die biege en die boete. Die boete is verhef tot 'n sakrament: die deur doodsonde verlore genade word deur boete en biege weer opnuut aan die sondaar geskenk. Vanuit die Nuwe Testament wys Luther op die ware boete wat Christus geleer het. Dit het nie betrekking op 'n bepaalde kerklike handeling nie, maar was in die eerste plek 'n handeling van die gelowige se hart, 'n innerlike boete, die mishae wat ons in onself moet hê. Met hierdie stellings het Luther die visie op die christen se lewe verruim. Mense het anders begin kyk na die dood. Die wyse waarop mense God gesien en beleef het, het verander<sup>4</sup>.

### Vroomheid

Die Roomse Kerk het die Here agter hulle strawwe en kwytskeldings

versteek. Die christene moes deur allerlei mensopgelegde strawwe, boetedoening en onsekerheid tot vroomheid kom. Luther het God weer opnuut binne die gesigsveld van die gewone gelowige gebring. Aan Hom alleen kom die mag toe om te straf en om te vergewe. Ook in hierdie stelling verkondig Luther die evangelie van die glorie van die genade van God en roem hy dit as die ware skat van die kerk. Hy stel die evangelie bo alle aflaat-prediking. Deur die evangelie kry elke opregte christen – nie een uitgesonder nie – hetsy lewend of dood, deel aan alle geestelike goedere van Christus en die kerk. Hier lê die ware troos<sup>5</sup>.

### Effek

Met sy 95 stelling het Luther op twee sagte plekke in die kerklike lewe van destyds gedruk: mag en geld. Vanuit die Skrif het hy aangetoon dat Christus alle mag in die hemel en op die aarde het, en dat alles aan Hom behoort. Hieraan moet die kerke van die Reformasie – ook vandag – voortdurend vashou. Mag en geld mag nooit hefbome word waarmee mense se gewetens in 'n bepaalde rigting gedwing word nie.

1. Die 95 stellings kan op die internet gevind word.  
Oorspronklike Latynse weergawe - [http://la.wikisource.org/wiki/95\\_Theses](http://la.wikisource.org/wiki/95_Theses)  
Engelse vertaling - [http://en.wikisource.org/wiki/95\\_Theses](http://en.wikisource.org/wiki/95_Theses)  
Nederlandse vertaling - <http://utopia.knoware.nl/users/adosh/luther/>
2. Stelling 13, 21, 24, 32, 33, 39, 40, 41, 42, 43, 44, 46, 47, 49, 51, 52, 53, 54, 55, 62, 65, 66, 67, 68, 76, 79, 89 en 92.
3. Stelling 5, 6, 20, 22, 25, 26, 28, 38, 42, 48, 49, 50, 51, 55, 60, 61, 62, 73, 76, 77, 82, 83, 84, 86, 89 en 91.
4. Stelling 1, 2, 3, 4, 6, 7, 10, 11, 12, 16, 17, 29, 36 en 87.
5. Stelling 1, 3, 4, 18, 30, 32, 37, 40, 41, 42, 45, 46, 55, 58, 62, 68, 78, 92, 93, 94 en 95.

## PERSSKOU

Dr GJ Meijer, Wonderboompoort

# Wie is hierdie vreemde God?

Chris Chameleon is 'n bekende persoon in die Suid-Afrikaanse musiek- en vermaaklikheidsbedryf.

Die laaste tyd behartig hy ook 'n rubriek in *By*, 'n bylae wat weekliks saam met die dagblad *Beeld* verskyn.

In *By* van 22 Desember 2007 skryf hy onder die opskrif 'Wie is hierdie God?' onder meer die volgende:

Wie is hierdie God van wie julle so praat? Wie is hierdie God wat kinders kaal in die strate laat loop met een hand op die maag en die ander op die mond? Wat aasvoëls agter kinders aan voor kanonne laat aansit vir die maal?

Wie is hierdie God wat vliegtuie in geboue vas laat jaag en dan skaapwagters flenters blaas? Wie is hierdie God wat altyd wyser is, wat altyd beter weet?

Wie is hierdie God wat al Afrika se regerings bewillig het?

Wie is hierdie God sonder wie se wil geen gif bedink word nie? Wat seuns van hul pa's vervreem en dogters hul moeders laat verag?

Wie is hierdie God wat skilpaaie in veldbrande laat vrek? Wat pes en plaag en MIV toelaat?...

In antwoord op hierdie (en nog 'n hele rits meer soortgelyke vrae), druk Chameleon hom soos volg uit:

*Hierdie God is nie soos ons Hom beskryf nie, maar ons pogings daartoe het al tot van die wêreld se grootste kuns gelei. Hy is nie die God wat ons ooit volkome kan besing nie, maar ons kry lekker en voel nader aan Hom wanneer ons probeer. Hy is nie die God waaroor ons stry nie – 'n argument wat nog nooit deur enigiemand gewen is nie. Hy is nie die God wat ons in strokiesprente verkleiner nie. Hy is nie die God wat die VSA straf of die God wat Irak regsien nie. Hy is nie die God wie se naam gekaap kan word vir persoonlike gewin nie. Want hierdie God ontwyk alle definisie of bewoording. Hy word genoem God, Allah, chaos, oerknal, toeval. Sy, Shiva, ensovoorts, maar is altyd minder of méér as wat gesê of gedink kan word.*

Chameleon sluit sy artikel soos volg af:

*Ek vertrou nie iemand wat sê dit of dat is God se wil nie, want ek vermoed hy wil sy wil aan my opdwing. As iemand sê God dink dit of dat, dan wil ek weet waar hy sy begrip van God se denke kry. As iemand vir my sê God haat dit of dat, wonder ek of die God van die liefde haatdraend is. As iemand vir my sê God is jaloers, wonder ek of jaloesie kan bestaan vir Een aan wie alles behoort.*

*En iemand wat namens God oordeel, het êrens duidelik die pad byster geraak oor waar die perke van sy gesag lê. Persoonlik vra ek God niks nie en dank Hom daaglik. Ek betwyfel nie die grensloosheid van sy genade nie. En ten slotte: As jy vir my kan sê wie hierdie God is, dan weet ek dit is beslis nie Hy nie.*

Dit is duidelik dat Chris Chameleon nie ligtelik met God en godsdiens omgaan nie. Hy is nie soos heelparty ander openbare figure wat onder die vaandel van vryheid van spraak geniepsige dwarsklappe na die Here, die Bybel en die kerke uitdeel nie – waarskynlik net om reaksie te ontlok.

Die laaste reël van Chameleon se artikel sny deur 'n mens se siel. Dit kom daarop neer dat geen mens iets met sekerheid oor God se heilige Persoon en Wese kan sê of bely nie. Wat sake nog meer hartseer maak, is dat Chameleon homself in sy eie denke vasdraai. Hy betwyfel nie die grensloosheid van God se genade nie; tog kan hy nie met vrymoedigheid bely: God is genadig nie. Hy kan ook nie ooreenkomstig die gebed wat Christus vir ons geleer het, vra:

'Gee ons elke dag ons daaglikse brood' en 'vergeef ons ons skulde' nie.

Die vraag grondliggend aan Chameleon se artikel is: hoe het dit gekom dat 'n gewone Afrikaanssprekende jongman, wat oënskynlik in 'n omgewing groot geword het waar hy met kennis van die Here en sy Woord opgevoed is, die vrae vra wat hy vra? Waar is die eerste bres in die muur geslaan?

Uit die sake wat hy bevraagteken, wil dit voorkom asof die Skrif nooit in sy volheid vir Chameleon oopgegaan het nie. Het hy nog nooit gelees dat die Vader diegene tugtig wat Hy liefhet nie (Spreuke 20:30; Hebreërs 12:10)? Is die evangelie van God se Vaderlike sorg en voorsienigheid, soos wat ons dit in Sondag 9 en 10 van die Kategismus bely, nooit aan hom verkondig nie? Is die drie B's van die verbond – verbondsbelofte, verbondsbevel en verbondsbedreiging – nooit aan hom onderrig nie?

Hierdie vrae sal slegs deur Chameleon self beantwoord kan word. Intussen rys die kommer: waar is die basiese Skrifkennis? Met hierdie vraag moet elke ouer en onderwyser en ampsdraer indringend besig wees. Leer ons ons kinders nog werklik wie God is? Grondige onderrig in die Skrif en die belydenis is onontbeerlik. Anders eindig 'n mens by 'n vreemde god, van wie jy niks met sekerheid kan sê nie. Hoekom sal 'n mens so 'n vreemde god nog hoegenaamd liefhê en dien? Onsekerheid eindig in ongeloof. Dit kan nie anders nie.

## 'n Nuwe verstaan van God vir 'n nuwe tyd

Die vraag na basiese Skrifkennis en Skrifgetroue belydenis bly maal. Eintlik weet ons tot 'n groot mate waar die ontbrekende skakel(s) lê. Mense kan nie bely wat hulle

nie glo nie. Hulle kan nie glo as hulle nie hoor nie. Hulle kan nie hoor as dit nie aan hulle verkondig word nie (Romeine 10:10). Wat laasgenoemde betref het daar in *By*

van 13 Oktober 2007 'n artikel van prof Julian Müller verskyn. Müller is 'n teoloog, 'n leraar in Israel. Aan sy voete moet diegene sit wat aan die Chameleons en alle ander

gelowiges moet gaan verkondig dat daar een ware God is: ons Vader in Jesus Christus, Wie se wil vir ons lewe genoegsaam bekend is. Maar wat doseer Müller? Die volgende kom uit sy pen:

*Idees oor God, denkbeelde van God en taal oor God is menslike maakselfs. Dit het nie uit die hemel geval nie. Dit behels almal een of ander interpretasie van wat ons in die Bybel oor God te lese kry. En in die Bybel word 'n verskeidenheid van beelde of metafore gebruik om oor God te praat. So vind ons in die Bybel die idee dat God 'n Vader is, maar in Ps. 131 ook die gedagte dat God soos 'n Moeder is. Ons lees van God wat die hare van ons hoof getel het en in beheer van alles is, maar ook van 'n God wat 'n Lydende Knecht geword het en soos 'n Lam ter slagting gelei is. Ons lees van God wie se naam Liefde is, en ons lees van 'n God wat jaloers is en wat straf. En dit is maar enkele voorbeelde uit 'n rykdom van beelde waarmee die ryke verskeidenheid van God beskryf word.*

*Met verloop van eeue het al hierdie idees en sieninge oor God egter gekulmineer in bepaalde konsepte oor God wat in die tradisie van die Christendom inslag gevind het. Hierdie konsepte word mettertyd so geïnternaliseer dat mense dit nie meer bevraagteken of daaroor wonder nie. Dit word eenvoudig aanvaar as die enigste geldige manier om oor God te dink. Die gevolg is dat ons dit vandag moeilik vind om ons sieninge van God en ons taal oor God te onderskei van God self. Ons is geneig om te aanvaar dat ons denkbeelde van God uit die hemel geval het en nie bevraagteken kan word nie. Dit is eenvoudig hoe God is. So vind baie mense dit eenvoudig godslasterlik as daar oor God in die vroulike gedink en gepraat sou word ...*

*Ek beywer myself graag vir 'n alternatiewe opsie. Hiervolgens moet ons eerstens eerlik met die probleem omgaan en erken dat die veranderde wêreldbeeld waarmee ons vandag funksioneer, maak dat ons nie meer ewe gemaklik*

*met die Godsbeeld wat uit ander wêreldbeelde gebore is, kan saamleef nie.*

*In al die wêreldbeelde tot en met die integrale wêreldbeeld, het dit gepas om 'n idee van God en beelde oor God te hê wat Hom buite die mensewêreld plaas.*

*'n Deïstiese verstaan, waarvolgens God die veraf 'Deity' is wat nie in enige persoonlike verhouding tot die heelal staan nie en net die Oerbron van alles is, volg vanself uit 'n drielaag- of tweelaag-wêreldbeeld.*

*Die Teïsme (gegrond op die Bybelse Theos) bou weer op die teologiese wêreldbeeld, waarvolgens God 'n meer persoonlike God is, maar steeds veraf sy eie ruimte bewoon. Dit is eers met die aanbreek van die moderne era dat die werklikheid van 'n geïntegreerde of integrale wêreldbeeld die mense se bewussyn begin vul het en mense stadig maar seker ophou om te dink ooreenkomstig die ou dualistiese verstaan van alles.*

*In so 'n integrale wêreldbeeld word dit al hoe moeiliker om aan God in die ou Teïstiese kategorieë te dink. Vir die moderne mens is God nie meer "Daar Bo" nie, maar hier teenwoordig. Die hedendaagse Christen wil vashou aan die basiese Bybelse idees oor God as 'n God van liefde wat in Christus na ons uitreik, maar soek na taal om oor God te dink en te praat wat pas by die integrale beeld van die bestaan.*

*Hoe pas God in so 'n wêreldbeeld in? Die konsep panenteïsme is waarskynlik die resultaat van 'n soeke na taal wat kan uiting gee aan die Bybelse geloof en tegelyk getrou bly aan 'n nuwe verstaan van die wêreld. Dit wil voorkom asof die term die eerste keer gebruik is deur Karl Christian Friedrich Krause (1781-1832). Daarna het dit tot vandag in verskillende filosofiese en teologiese sieninge gefigureer.*

*Panenteïsme is nie dieselfde as die panteïsme nie. Intendeel, dit is juis enersyds 'n afgrensing teenoor die teïsme en andersyds teenoor die panteïsme. Panteïsme beteken doodeenvoudig: God is alles. Die gevolg van die panteïsme is*

*dat God ook vasgevang is in alles en dat daar niks oorbly van die transendente, die andersheid van God nie. Teïsme lê weer die klem so sterk daarop dat God buite alles is en nie vasgevang is in sy eie skepping nie, dat dit moeilik te rym is met die immanente, die siening van God as inherent, binne-in teenwoordig.*

*Daarom dat die teoloog Paul Tillich die behoefte uitgespreek het om 'n Godsbeeld te ontwikkel "that goes beyond theism". Die panenteïsme daarenteen beteken: God is in alles en alles is in God. Hiervolgens is God nie vasgevang in die skepping nie. Panenteïste glo dat God teenwoordig is in alles, maar tegelyk ook méér is as die heelal. Dit verwoord 'n poging om getrou te bly aan beide die transendente én die immanente verstaan van God.*

*Uiteindelik moet ons aanvaar dat al ons pogings om oor God te praat en om die verhouding tussen God en die skepping in taal vas te vang, gebrekkig is. Alles is voorlopig. Daarom sit ek ook 'n vraagteken agter die titel van hierdie artikel. Ek vra bloot of die konsep van panenteïsme nie moontlik kan help om vir die mens van vandag wat met 'n integrale wêreldbeeld funksioneer, taal te voorsien om sinvol en Bybelgetrou oor God en wêreld te dink en te praat nie.*

*Dit is onmoontlik om in die bestek van hierdie Persskou op die verskil tussen panteïsme en panenteïsme in te gaan. Dit is ook nie die bedoeling met die uittreksel uit prof Müller se artikel nie. Die kruks van die leraar se lering is: Alles is voorlopig. Viva die voorlopigheid! Viva die onsekerheid! Dit mag dalk vroom en beskeie klink; maar intussen is dit alles behalwe vroom. Die Skrif los ons nie met voorlopige bevindinge oor God en 'n uitgedateerde wêreldbeeld wat niks met ons tyd te doen het nie. So praat die Vader nie met sy kinders nie. Sy Woord is betroubaar en vas – vir ewig. Eksegete se uitleg van die Skrif kan aan die Skrif getoets word; ongetwyfeld. Maar laat ons nie die 'voorlopigheid' van eksegete*

verwar met die vaste sekerheid van God se Selfopenbaring nie. Want dan skep ons 'n dodelike ruimte waarin vrae gestel word soos wat Chris Chameleon vra.

Terug by die vraag waarmee begin is: die ontbrekende skakel lê tot 'n groot mate by kansels en kateders. Daar waar die Skrif met sekerheid en stelligheid bedien moet word,

word die volk van God wat honger na die Woord van God dikwels met meer vrae weggestuur is wat hulle met die ant-Woord toegerus word.

## Vervorm en verfrommel

John Selby Spong, 'n afgetrede biskop van die Amerikaanse Anglikaanse kerk, het onlangs in Suid-Afrika besoek afgelê. Hy was die gas van die Nuwe Hervorming Netwerk en die Universiteite van Suid-Afrika en Johannesburg. Oor sy besoek het Neels Jackson kortliks verslag gelewer (*Beeld*, 30 Oktober 2007).

*Biskop Spong verklaar: As die Christendom in die 21ste eeu wil oorleef, is 'n diepgaande*

*hervorming nodig wat afstand doen van grondliggende kerklike leerstellings. Spong ... het die Christendom se dilemma uitgewys deur die godsdiens se lang geskiedenis van woede en onverdraagsaamheid uit te lig. Dit het begin met vyandigheid teenoor Jode, maar later ook na vore gekom in vyandigheid teenoor wetenskaplikes soos Darwin en Galileo, teenoor mense van kleur, slawe, vroue, geskeide mense en selfs linkshandiges.*

*Vandag kom dit veral tot uiting teenoor homoseksuele en van die kerk se beste teoloë. Spong voer dié neiging om altyd 'n slagoffer te soek, terug na die manier hoe die kerk oor mense dink. Volgens Spong gee die oortuiging dat die mens in sonde geval het, aanleiding daartoe dat die kerk gedurig aftakelende boodskappe na sy lidmate uitdra. Hy het verwys na die lied *Amazing grace* wat verwys na "a wretch like me". Dié soort skuld-boodskap gee vir die kerk 'n manier om beheer te kry oor sy lidmate.*

*Oor die boodskap dat Jesus vir jou sonde gesterf het, wou Spong weet hoe dit mense laat voel as hulle hoor hulle is so ellendig dat hulle verantwoordelik is vir Jesus se dood. Hy voer aan dat mense wat gedurig afgetakel en mishandel word, geneig is om ander mense af te takel en te mishandel. Pleks van dié ou kerklike boodskappe, stel Spong voor die Christendom dra 'n boodskap uit van God se liefde en heling. Hy meen Jesus het gekom om mense te help om meer volledig mens te wees en nié om die mens uit 'n gevalle staat te red nie.*

*Die kerklike boodskappe berus volgens hom op 'n verkeerde*

*interpretasie van die Bybelse boodskap, wat in 'n Joodse kultuur ingebed is. Toe die Jode in die tweede eeu almal uit die kerk weg is, het die Christene hul begrip daarvoor verloor. Hulle het toe op letterlike interpretasies begin staat maak. Hy meen die kerk praat te veel van Jesus as die geofferde Lam van God en te min as die Goeie Herder. Die gedagte dat God sy seun geoffer het vir mense se sonde, maak van Hom die uiterste goddelike kindermishandelaar, sê Spong. Hy meen dat God eerder as die bron van lewe gesien moet word. Die Christendom moet wegdraai van skuld na 'n bevestiging van die lewe.*

As daar aan een plek in die evangelie getorring word, moet daar noodwendig ook elders verskuiwing in denke kom. Biskop Spong verskuif radikaal. Hy gee 'n paar treë verder as prof Müller, sy gasheer. Hy verfrommel dit wat Müller vervorm. Sonder om wolf-wolf te skree en om onbillik te etiketteer, is dit nodig om te wys op die volle konsekwensie van dit wat die Nuwe Hervormers opdis, en waarmee Chris Chameleon en kie gebombardeer word. Mag God gee dat die oë en harte van sy kinders betyds oopgaan en sien waarop 'n mens afstuur as jy jou in die vormloosheid van voorlopigheid verlustig.

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

*Redaksie: Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer  
Ds HLJ Momberg  
Dr HS van der Walt  
Mev JC de Wind  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: gerardjmeijer@gmail.com  
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

*Administrasie-adres:*  
Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 19:00)  
e-pos: jdirkdas@magalies.net

*Intekengeld:*  
R150 per jaar en addisionele bydraes  
kan inbetaal word by:  
Waarheid en Dwaling  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA, Waverley, Pretoria

*Tegniese versorging:*  
Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031